

D.2 INHOUDELIKE NOTULE



Die Twaalfde Algemene Sinode vergader in Hartenbos, Suid-Kaap (vgl Art 42).

OPENING

Die Sinode begin met 'n liturgiese opening in die Walvissaal.

KONSTITUERING (Art 38)

Ds JJ (Sias) Vogel van die Sinode van Noord-Kaapland, die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die konstituering waar (Art 41 en Regl 15: 1.1).

Afgevaardigdes – sien Kronologiese Notule asook Lys van Afgevaardigdes (Boek I:vi-ix)

Teologiese Fakulteite (Verteenwoordigers)

Stellenbosch	Prof DJ Louw
Pretoria	Prof CJ Wethmar
Oranje-Vrystaat	Prof HC van Zyl

Vrouelidmate (op uitnodiging)

Rinel Hugo (Noord-Transvaal)
Mollie Kemp (Natal)

SAMEVATTING

Teenwoordig by konstituering:	367
Kworum:	184
Tweederdemeerderheid:	245

Ds Sias Vogel (waarnemende voorsitter) verklaar die Twaalfde Algemene Sinode as wettig gekonstitueer met 367 afgevaardigdes (Art 38.1 en Regl 15: 1.3).

VERKIESING MODERATUUR (Sien A.1:6.3.5/7)

- * Moderator: dr CW Burger (Wes-en-Suid-Kaap)
- * Assessor: prof PJ Strauss (Oranje-Vrystaat)
- * Aktuaris : prof P Coertzen (Advieserend)
- * Skriba: ds JC Carstens (Noord-Transvaal)
- * Assistent-skriba: dr JJ Gerber (Noord-Transvaal)

A.1.1 AGENDA: EERSTE VERSLAG

(Boek I, bl 2 - 8)

1.4 AGENDAKOMMISSIE - die Sinode keur die optrede van die ASK tov die samestelling en funksionering van die Agendakommissie goed.

6.2.1.3 SITTING PROF MALAN NEL - verval.

6.3.5 MODERATUUR - die Sinode

1. skort Art 39 en 41 (2de gedeelte), Regl 15.1.4 en 15.2.2 in soverre dit op die aanwysing van 'n moderatuur betrekking het, en Regl 1.2.1 vir hierdie vergadering op (tweederdemeerderheid);
2. besluit dat die Dagbestuur van die ASK/ moderatuur hierdie vergadering lei totdat 'n nuwe moderatuur op 'n geleë tyd tydens hierdie vergadering verkies is.

6.3.7 PROF PIETER COERTZEN – die Sinode besluit om adviserende sittingsreg met volle spreekstem aan prof Pieter Coertzen vir die duur van die vergadering te verleen.

16. REËLINGS SINODE – die Sinode keur al die reëlins in punte 1-11 en 13-15 goed. Punt 12 word voorlopig goedgekeur. (LW: Die amendement het nie weer gedien nie).

A.2 ARGIEF EN INLIGTING

(Boek III, bl 204 - 208)

2.1.5 EENHEIDSARGIEF

1. Die Algemene Sinode besluit om met die Sinodes van Kaapland en Transvaal te onderhandel om die werksaamhede van die "Eenheidsargief" as 'n werksaamheid van die Algemene Sinode oor te neem en te bestuur as die Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die Algemene Sinode van die NG Kerk.
2. Die ander sinodes met argiefbewaarpleske word versoek om dit te oorweeg om ook hulle argivalia na Stellenbosch oor te plaas sodat één gekonsolideerde Argief vir die NG Kerk in Stellenbosch gevestig kan word.
3. Die Sinode neem met instemming kennis van die gedagte van 'n eenheidsargief vir die Kaapse en Transvaalse Kerkargiewe, en beveel by die ander sinodes aan om by hierdie eenheidsargief in te skakel. (A.13.4:9.2)

2.2.3 ARGIEF- EN MUSEUMBELEID

1. Die Taakspan Argief lê hersiene "Riglyne: Argief- en Museumbeleid" aan die Taakspan Regte voor, waarna dit na die Algemene Diensgroep Leiers verwys word vir afhandeling.
2. Sodra die Taakspan Argief die kommentaar van die Taakspan Regte oor "Beskikkingsmagting" ontvang, word dit na die ADL verwys vir goedkeuring, waarna dit na die onderskeie sinodes

verwys word vir opname in die onderskeie kerkordes.

2.3.4 REGISTERAFSKRIFTE - die volgende prosedures word na die sinodes verwys wat self kan besluit of hulle dit wil toepas ten einde rompslomp vir gemeentes en die Kerkargief te beperk:

1. Die rol van die ring in die nagaan/goedkeuring van gemeentes se jaarlikse registerafskrifte voor die ringsitting moet bepaal word.
2. Gemeentes se kerkraadsargiefkommissies kontroleer die jaarlikse registerafskrifte aan die hand van die voorskrifte, keur dit goed en stuur dit direk aan die betrokke Kerkargief.
3. Die betrokke Kerkargief vra verbeterings aan registerafskrifte, of die uitstaande registerafskrifte, direk by gemeentes aan.
4. In gevalle waar gemeentes nie reageer op versoeke om verbeterings aan/uitstaande registerafskrifte nie, word die ringsargiefkommissie genader om hulp te verleen.
5. Die ringsargiefkommissie ontvang nie meer die jaarlikse register-afskrifte van gemeentes met verslag aan die ring nie, maar verleen hulp waar nodig aan gemeentes ten opsigte van registerhouding en aan die betrokke Kerkargief om verbeterings aan/uitstaande registerafskrifte vanaf gemeentes te verkry waar samewerking nie verkry word nie.
6. Die ringsargiefkommissie gaan wel die registerhouding van die gasheergemeente tydens die jaarlikse ringsitting na met verslag aan die ring.
7. Die ringsargiefkommissie vra die betrokke Kerkargief om hulp met opleiding waar dit blyk dat ringsgemeentes probleme met hulle registerhouding ervaar.

2.4.4 KERKLIDMAATSKAP - die volgende praktiese riglyn geld vir gemeentes vir die voltooiing van gemeenteregisters in die geval van lidmaatskap oor gemeentegrense heen: In alle gevalle waar van die "kerkraad" sprake is in die *Riglyne vir Praktiese hantering van lidmaatskap* (KO, 2002, p122, 17.3), kan die volgende in die opmerkingskolom aangeteken word: KR + datum + die ter sake sinodale bepaling/reëling. (C.12.1: 1.1)

2.6.4 AFKONDIG LIDMAATSKAP – die datum van inskrywing in die register geld as datum van aankoms in die gemeente. (C.2.1:2.6.4/C.12.1:1.3)

C.2.1 ARGIEF EN INLIGTINGDIENSTE : PARALLELE SESSIE

2.1.5 – sien A.2:1.2.5

2.4.4 – sien A.2:2.4.4

2.6.4 – sien A.2:2.6.4

A.3 BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING (Boek II, bl 15 - 19)

1.4 BYBELVERTALING

1. Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die vertaalspan vir die goeie vordering met die Afrikaanse Bybel vir Dowes.
2. Die Sinode versoek die BSA om voort te gaan met 'n volgende Afrikaanse vertaling van die Bybel, soos in die vooruitsig gestel in die voorgestelde vertaalopdrag.
3. Die Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae van die onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansiëel te ondersteun.
4. Die Sinode gee opdrag aan die Taakspan Bybelvertaling om sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.
5. Die Sinode versoek die Taakspan Bybelvertaling om, wanneer deur die BSA daartoe versoek, in oorleg met alle betrokkenes, die name van kundiges as moontlike medewerkers aan die VAB aan die BSA voor te lê. Dit behels Bybelkundiges (OT en NT teoloë), taalkundiges (antieke tale en Afrikaans), vertaalkundiges, asook letterkundiges.

2.4 BYBELVERKLARING

1. Die Algemene Sinode versoek die Taakspan Bybelvertaling/Bybelverklaring om die SBG-reeks so spoedig moontlik tot voltooiing te bring.
2. Die Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi vir die diens wat gelewer word ten opsigte van die elektroniese en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.
3. Die Sinode ondersteun die beoogde nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring.

3.4 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

1. Die Algemene Sinode verseker die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dat hy hulle visie deel om die Bybel te bring by mense wat dit nog nie het nie, mense wat nie kan lees nie, mense met besondere nood en behoeftes, soos MIV/VIGS, en die mense van die res van Afrika.
2. Die Sinode bid die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en in die besonder die NG Kerk-predikante wat in diens van die BSA is, die Here se rykste sien toe op die groot taak waarmee hulle besig is.

4.2 TAAKGROEP AKBV – sien C.16:4.7

A.4 DIENSGETUIENIS

(Boek II, bl 20 - 68)

3.3 VIGSSTRATEGIE - die Algemene Sinode:

1. *Aanvaar* die riglyne in hierdie dokument as die strategie van die Algemene Sinode met betrekking tot MIV en vigs.

2. *Roep* sinodes, ringe, gemeentes en lidmate op om hulle roeping ten opsigte van MIV en vigs te aanvaar en uit te leef.

3. *Versoek* sinodes om eie MIV- en vigsverwante strategieë te ontwikkel in ooreenstemming met die riglyne wat in hierdie strategie-dokument verskaf word.

4. *Versoek* sinodes om vordering met die ontwikkeling en implementering van MIV- en vigsverwante strategieë binne eie sinodale gebiede te monitor en te evalueer en om terugvoer aan die Algemene Sinode / NG Kerk Vigsforum te verskaf.

5. *Gee opdrag* aan die Algemene Diensgroep Diensgetuïenis om op advies van die NG Kerk Vigsforum die volgende te doen:

* Om namens die kerk en as deel van die kerk se openbare getuïenis, pro- en reaktief standpunte te stel oor sake in verband met MIV en vigs waarvoor leiding en menings benodig word.

* Om namens die kerk ekumeniese betrekkinge met ander kerke in verband met die hantering van die MIV/vigsepidemie aan te gaan. Noue samewerking met die kerke in die NG Kerk-familie is van besondere belang.

* Om namens die kerk met die nasionale en buitelandse regerings en ander nasionale en internasionale organisasies te skakel in verband met die hantering van MIV en vigs.

* Om gereeld die vordering met die implementering van hierdie strategie, en in besonder die bereiking van die oogmerke van die strategie, te evalueer aan die hand van terugvoer wat verskaf word en om strategiese leiding te gee in hierdie verband.

* Om met die toepaslike opleidingsinstellings te onderhandel oor die insluiting van MIV- en vigsverwante temas in die opleiding wat aan leraars, maatskaplike werkers en ander toepaslike dissiplines verskaf word.

* Om met van die toepaslike medewerkende organisasies (verwys pt.3) verbintenisse of ooreenkomste aan te gaan.

6. *Gee opdrag* aan die NG Kerk Vigsforum om op 'n deurlopende basis aandag te gee aan die verloop van die MIV/vigsepidemie om:

* inligting wat vir die kerk ter sake is, aan die Diensgroep Diensgetuïenis, sinodes, ringe en gemeentes deur te gee;

* aangeleenthede wat met MIV en vigs verband hou en waarvoor kerklike leiding nodig is, deurlopend te identifiseer;

* dit Bybels-teologies te belig en die Diensgroep Diensgetuïenis daarvoor te adviseer

* en om standpunte en riglyne van die Diensgroep Diensgetuïenis aan sinodes, ringe en gemeentes deur te gee;

* diensverskaffers wat aktief is op die terrein van MIV en vigs te identifiseer en inligting daarvoor beskikbaar te maak;

* toepaslike beskikbare materiaal en hulpbronne te identifiseer en inligting daarvoor beskikbaar te

maak en waar nodig die ontwikkeling van materiaal en ander toepaslike hulpmiddels te fasiliteer;

* 'n implementeringskediule, befondsingstrategie, begroting en projekbestuursplan wat die implementering van hierdie algemene strategie sal rig en ondersteun, in oorleg met die Diensgroep Diensgetuïenis, die Taakspan Fondse, verteenwoordigers van die sinodes en die medewerkende organisasies op te stel;

* die moontlikheid om befondsing van eksterne bronne te verkry vir werk en projekte wat uit hierdie strategie voortspruit, te ondersoek en op te volg, soos in punt 5 uiteengesit;

* advies en steun met betrekking tot die implementering van die strategie te verskaf aan sinodes, ringe, gemeentes en ander medewerkers;

* vordering met implementering van die uitvoering van hierdie strategie te evalueer en om gereeld terugvoer hieroor aan die ADL, die Diensgroep Diensgetuïenis, die sinodes en die Algemene Sinode te verskaf

* en saam met die ander kerke in die NG Kerk-familie te werk aan 'n gesamentlike strategie vir die NG Kerk-familie.

7. Waar nodig, kan take van die Vigsforum opgedra word aan medewerkers om dit namens die Forum uit te voer. Indien take aan medewerkers opgedra word, berus die finale verantwoordelikheid vir daardie take steeds by die Forum.

4.3 ARMOEDE - die Algemene Sinode versoek die Diensgroep Diensgetuïenis om 'n strategie vir die bekamping en uitwissing van armoede in Suider-Afrika te ontwikkel. Die strategie behoort onder andere 'n definisie (omskrywing) van armoede, die hantering van rykdom en ekumeniese samewerking in te sluit. In die ontwikkeling van die strategie behoort oorleg met die Diensgroep Gemeente-en-Bediening gepleeg te word.

7. MULTIKULTURELE BEDIENINGE - die Algemene Sinode

1. neem kennis van die uitdagings wat die veranderende demografie aan gemeentes bied om byvoorbeeld bedienaars van die evangelie aan alle mense binne hulle grense te wees;

2. bevestig dat die NG Kerk geroep is om, ook binne dié veranderde demografiese situasie, as kerk van die Here te leef en mee te werk aan die koms van die koninkryk in ons eie omgewing;

3. neem kennis van die werk wat reeds deur die Konferensie vir Multi-Kulturele Bediening op hierdie terrein gedoen is en die stuk wat as vrug van die 2004-konferensie opgestel is in dié verband.

8.1.2 NGKA BY AKGA - die Algemene Sinode keur die besluit van die AKGA goed en versoek die AKGA Dagbestuur om die nodige Reglementswysiginge aan te bring ten einde die NGKA as volle lid te aanvaar.

8.2.2.1 FUNKSIONERING AKGA - die Algemene Sinode bevestig die voortgesette funksionering van die AKGA en word op die AKGA verteenwoordig deur lede van die Diensgroep Diensgetuïenis en meer spesifiek lede van die Taakspan vir Getuïenis.

8.2.2.2 HERSTRUKTURERINGSPROSESSE - verwys na die Bosberaad (November 2004):

Die Algemene Sinode besluit om in alle herstruktureringprosesse met susterskerke oorleg te pleeg en daarop bedag te wees dat die herstruktureringprosesse nie die eenheidsproses belemmer nie.

8.3.8 TIW

1. Gemeentes word versoek om TIW te skakel met die oog op die toerusting van hulle lidmate of sendelinge. Spesiale programme kan ook vir spesifieke behoeftes ontwikkel word.

2. Gemeentes en sinodes word versoek om ook in hulle begrotings vir die werksaamhede van TIW voorsiening te maak.

8.7.2 HAWESENDING

1. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor ons hawesendelinge wat soms onder moeilike omstandighede die evangelie bly verkondig.

2. Die Sinode moedig kerkrade, vrouedienste en lidmate aan om ook ter viering van Biblia Hawesending se 30ste bestaansjaar in 2005, hulle finansiële en geestelike te ondersteun.

8.8.2 EKUMENIESE STUDIEPROJEKTE - die Algemene Sinode dra dit aan die AKGA op om die betrokkenheid by ekumeniese studieprojekte voort te sit en daarvoor verslag te doen by die volgende Sinode.

8.9.2 PUBLIKASIES

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die AKGA op om, in oorleg met die Taakspan Media, daadwerklik mee te werk aan die daarstel van gesamentlike publikasies.

2. Die Sinode dra dit aan die AKGA en die Taakspan Media op om wyses te ondersoek waarop nouer skakeling en same-werking ten opsigte van die amptelike publikasies van die onderskeie kerke bewerkstelling kan word.

8.10.2 KAPELANE - die Algemene Sinode dra ook die NG Kerk se verantwoordelikheid vir skakeling en samewerking met die kapelaansdienste oor aan die Algemene Diensgroep Diensgetuïenis en die AKGA.

8.13.6 PORTUGAL - die Algemene Sinode moedig gemeentes en sinodes aan om ondersteunend betrokke te raak by die beoogde hervatting van die werk in Portugal.

8.14.2 IERA - die Algemene Sinode keur dit in beginsel goed dat daar 'n amptelike samewerkingsooreenkoms met die IERA gesluit word en dat die sinode van Namibië daarin die inisiatief neem.

9.3 VENNOOTSKAPPE TUSSEN KERKE

1. Die AKGA word versoek om, in samewerking met buitelandse kerke in die NG Kerk-familie, te besin oor die mees effektiewe wyse om vennootskappe tussen kerke te vestig en uit te bou, maar ook in sigbare eenheidsstrukture uitdrukking en praktiese beslag te gee aan die gesamentlike getuïenisroeping van die breër NG Kerk-familie.

2. Gemeentes van die NG Kerk word opnuut versoek om bestaande ooreenkomste met susterskerke in buurlande in ag te neem en te eerbieding tydens uitreik-projekte.

3. Om ons onderskrywings van die eenheid van die breër NG Kerk-familie en ons getuïenis te bevestig en met goeie visie, beplanning en bestuur te werk, roep die AKGA sover moontlik die NG Kerk-familievennote jaarliks saam.

4. Ons uitreike in Afrika met die evangelie moet onderneem word met goeie koördinerende tussen die rol van die kerkverband en die plaaslike gemeente.

DS FERNANDO CUBOIA - die Algemene Sinode neem met leedwese kennis van die tragiese afsterwe van ds Fernando Cuboia, prinsipaal van Hefsiba, die teologiese skool van die Igreja Reformada em Mozambique. Ds Cuboia het in Julie as prinsipaal by ds Manie Taute oorgeneem en is Sondagaand in 'n motorongeluk oorlede. Die Sinode betuig sy medelye met sy naasbestaendes en met ons susterskerk, die IRM.

10.3 CLF - die Algemene Sinode keur die memorandum van ooreenkoms goed en dra dit op aan die CLF Beheerraad, die Algemene Diensgroep Diensgetuïenis en die Taakspan Media om dit te implementeer.

11.6.1, 11.6.3-11.6.5 – sien C.4.1

11.6.2 Diensgroep Diensgetuïenis – sien C.16:2

MOSIE : DR DAWIE THERON - die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor dr Dawie Theron vir 12 jaar diens aan die Algemene Sinode. Die Sinode wens hom en Nettie 'n geseënde aftrede toe.

C.4.1 DIENSGETUIENIS: PARALLELE SESSIE

4. – sien A.4:4.3

8.3.2.8 – sien A.4:8.3.2.8

11.6.1 – 11.6.5 (uitgesonder 11.6.2) – verwys na die ADDG.

11.6.2 – sien A.4:11.6.2 en C.16:2

A.5 EREDIENS (Boek II, bl 69 - 85) en C.5.1

1.3 BEGRAFNISLITURGIEË - die Algemene Sinode beveel die begrafnisliturgieë (pt 1.2) aan vir gebruik tydens begrafnisse, verassingsdienste en plasing van as, en gee opdrag aan die ADGB om dit in die nuwe Handboek vir die Erediens op te neem.

2.3 KINDVRIENDELIKE NAGMAALSFORMULIER - terugverwys na ADGB (Taakspan Erediens) om aandag te gee aan verskeie voorgestelde herformulerings.

3.3 ENGELSTALIGE LIEDERE IN LIEDBUNDEL - die Algemene Sinode versoek die Taakspan Erediens om sover moontlik - hangende kopiereg - benewens die twintigtal Engelse tekste wat opgeneem is in die *Liedboek van die Kerk* ook al die ander Engelse tekste - en indien moontlik ook dié van inheemse tale - waarvan die melodieë in die *Liedboek* opgeneem is, in die volgende uitgawe van die *Liedboek* op te neem.

4.2 MEDITATIEWE NAGMAAL - die Algemene Sinode keur goed dat die term "meditatiewe nagmaal" gebruik word.

5.3 RITUEEL EN SIMBOOL - terugverwys na ADGB (Taakspan Erediens) om enkele sake by te werk: onderskeid tussen sakramente en simbole, seremonies wat deur Christus afgeskaf is, ens.

6.2 TEODISEË-VRAAGSTUK - verwys hele saak na Taakspan Leer en Aktuele Sake vir studie.

7.3 BEVOEGDHEID PROPONENTE TOV SAKRAMENTE - verwys die beskrywingspunt na die ADGB (Taakspan Erediens) om in oorleg met die Taakspan Regte en Taakspan Predikantsake verder oor die saak te besin. (Dat 'n proponent, wanneer 'n plaaslike gemeente die proponent daartoe uitnooi, die sakramente onder toesig binne die betrokke gemeente mag bedien.)

8.2 VERGOEDING VIR HUWELIKSDIENSTE - die Algemene Sinode neem kennis van die studiestuk (bl 80) en gee dit deur na gemeentes om na goeddunke te implementeer, in oorleg met die plaaslike leraar(s).

9.2 KANTORY IN EREDIENS - die Algemene Sinode keur die riglyne (bl 82) goed vir deursending na die gemeentes.

10.3 HANDBOEK VIR DIE EREDIENS - die Algemene Sinode besluit dat die opdrag van 2002 na die nuwe Algemene Diensgroep vir Gemeentes- en Bedieninge as prioriteitsaak verwys word.

11.3 HUWELIKSFORMULIER - die Algemene Sinode verwys die besluite van 2002 tov huweliksformuliere na die ADGB vir verdere aandag.

12.3 GEBEDE VIR EUCHARISTIE EN LITURGIESE SEISOENE - die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGB vir verdere aandag.

13.3 KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGERS - die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGB vir verdere aandag.

14.3 NUWE LIEDERE - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ADGB om die saak van Nuwe Liedere as prioriteit te beskou en voort te gaan met die besluit van 2002.

15.3 KERKMUSICI - die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGB vir verdere aandag.

16.3 OU TESTAMENT IN EREDIENS - die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGB vir verdere aandag.

C.5.1 EREDIENS : PARALLELE SESSIE

1.3 – sien A.5:1.3

2.3 – sien A.5:2.3

3.3 – sien A.5:3.3

5.3 – sien A.5:5.3

6.2 – sien A.5:6.2

7.3 – sien A.5:7.3

A.6 FONDSE (Boek II, bl 86 - 100)

1.3.6 BYBELSE RENTMEESTERSKAP - die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en kerkrade om erns te maak met die bevordering van Bybelse rentmeesterskap op alle vlakke.

KOSTE VAN NUWE STRUKTUUR - die Algemene Sinode besluit dat die kostes van vergaderings en byeenkomste (insluitend reis- en verblyfkoste) van Algemene Sinodale diensgelde, taakspanne en forums eweredig tussen sinodale verteenwoordigers verdeel word in gevalle waar dit nie uit die Sinode se begroting gefinansier word nie.

FONDSE VAN KOMMISSIES

1. Vanweë 'n administratiewe fout, word punt 5.3.1.3 (op bl 88) gewysig om te lees:

"Die AJK se geld is regtens in beginsel kerkgeld wat 'n historiese oorsprong het wat wel in ag geneem behoort te word."

2. Wysig punt 5.3.2.1 om te lees: "Die Algemene Sinode ondersteun die beginsels vervat in die konsensus tussen die AJK en AKF (pt 5.3.1.1-5.3.1.9) en..."

5.3.2 AJK-FONDSE

1. Die Algemene Sinode ondersteun die beginsels vervat in die konsensus tussen die AJK en AKF (pte 5.3.1.1 - 5.3.1.9) en keur dit goed dat die AJK alle fondse onder hulle beheer aan die einde van Februarie 2005 aan die AKF (Taakspan Fondse), wat die administrasie en bestuur daarvan namens die Algemene Sinode behartig, oordra.
2. Die Sinode keur die tussentydse verdeling van die inkomste uit die AJK-fondse goed vir die volgende twee jaar, waarna dit in die lig van die herstrukturering van die Algemene Sinode in heroorweging geneem kan word.

5.4.3 FONDSE

1. Die Algemene Sinode besluit dat alle fondse in die naam van die Algemene Sinode, wat bestuur en beheer word deur die Taakspan Fondse of 'n diensgroep van die Algemene Sinode, kerkgeld is, waarvan die Algemene Sinode die uitsluitlike diskresie en besluitnemingsbevoegdheid het.
2. Die Sinode besluit dat reserwefondse van diensgroepe fondse van die Algemene Sinode is, waarvan die inkomste tot diens van die Algemene Sinode gestel word.
3. Die kapitaliseringsbeleid van die Algemene Sinode geld ten opsigte van alle fondse wat onder die bestuur van die Taakspan Fondse geplaas word, sodat die kapitaal beskerm word teen inflasie en waardevermindering.

8.3 BOEKJAAR - die Algemene Sinode besluit dat die boekjaar van die Algemene Sinode verander word om op 1 Maart van 'n betrokke jaar te begin. Hierdie verandering tree op 1 Maart 2005 in werking.

11.5 FINANSIËLE BESTUURSBENADERING

1. Die Algemene Sinode keur die finansiële bestuursbenadering (punt 11.1 tot 11.3.3.2) goed as beleidsdokument vir finansiële bestuur van fondse.
2. Die Sinode keur die berekening as 0,3% van die totale lopende inkomste van al die gemeentes goed, maar verwys dit terug na die Taakspan Fondse om die moontlikheid van 'n verlaging te ondersoek.
3. Die Sinode keur die bedrag, bereken as 0,3% van die totale lopende inkomste van al die gemeentes, as die maksimum bedrag vir die uitgawes van die Algemene Sinode goed. Die verdeling van die bedrag word na die Taakspan Fondse verwys.

C.6.1 TYDELIKE KOMMISSIE VIR FONDSE: EERSTE VERSLAG

2.1 BEGROTING NUWE STRUKTUUR : Beskrywingspunt B.4.1 (Boek I:11) - die Sinode neem kennis van Beskrywingspunt B.4.1. Dit is

onmoontlik om op hierdie stadium die presiese koste-implikasies te bereken. Die nuwe begrotingswyse wat beoog word, is inkomste-gedrewe en nie uitgawe-gedrewe nie. Die interim-reëling wat met die ASK getref is, is dat dieselfde bedrag as die vorige begroting aangewend kan word vir funksionering van die nuwe strukture.

3.1 GROEPSVERSEKERING VIR KAPELANE : Beskrywingspunt B.4.2 (III:268) - die Sinode verwys Beskrywingspunt B.4.2 na die Gesamentlike Pensioenfondskomitee om die saak behoorlik te ondersoek en af te handel. nl om in oorleg met die Subkommissie vir Kapelaansdienste (= Taakspan ADL), 'n ondersoek na die pensioenvoordele van kapelane in vergelyking met dié van ander predikante te doen, na aanleiding van die reëling wat getref is in verband met die betaal van groepleweringspremies vir kapelane.

A.7 GEMEENTEBEDIENING (Boek II, bl 101 - 106)

2.1.4 NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING

1. Die Algemene Sinode keur die riglyne (bl 102) goed as vertrekpunt vir die implementering van 'n proses van NGO in 'n bepaalde gebied.
2. Die Sinode wys 'n ad hoc-kommissie aan om al die moontlike kerkordelike implikasies na te gaan en die Kerkorde dienoreenkomstig aan te pas. In hierdie verband moet ook gekyk word na die Reglement vir Tentmakerbediening. (Vir aandag ADGB.)
3. Nuwe Gemeente Ontwikkeling deur die kerkverband, soos deur die Sinode goedgekeur (verwysing na Handeling), word nie geag in stryd met Artikel 10 van die Kerkorde te wees nie.

2.2.4 KLEINGROEPE - die Algemene Sinode aanvaar die brosjure as riglyn vir die inrigting van kleingroepe in gemeentes.

2.3.4 BEDIENINGSTYLE ANDER KERKE - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge om ondersoek in te stel na die verskynsel wat in gemeenskappe voorkom dat lidmate van NG gemeentes bedieningstyle in ander kerke aantreklik vind. Die volgende uitkomst moet verreken word:

- * Die fenomenologie agter die verskynsel.
- * Hoe moet gemeentes daarop reageer?
- * Watter behoeftes van lidmate moet erken word?
- * Wat kan die NG Kerk doen om self hierdie behoeftes aan te spreek?

3.1.4 KERKSPIEËL

1. Die Algemene Sinode gee aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge opdrag om met groter erns die statistiese gegewens in Kerkspieël te interpreteer en tendense aan te toon met die oog op relevante bediening in gemeentes. Die opstellers se insette kan in dié verband benut word.

2. Die Sinode keur dit goed dat vir die volgende Kerkspieël-onderzoek slegs vraelyste aan predikante en gemeentes gestuur word, in 2006 die leierskorps beklemtoon word en in 2008 klem val op die ouderdomme. Hierdie beplanning kan aangepas word na gelang die behoeftes mag verander.

3. Die Sinode bevestig die noodsaaklikheid van 'n sensusopname soos Kerkspieël en besluit om genoegsaam daarvoor te begroot, asook genoegsame ondersteuning vanuit die sentrale administratiewe kantoor te verleen.

4. Die Sinode betuig opregte dank teenoor dr. Jan Bisschoff en Kobus Schoeman vir die harde werk wat met hierdie projek gepaard gaan.

3.2.4 ALGEMENE BEDIENINGSFONDS

1. Die Algemene Sinode bedank ds. Jan Cronje vir sy ywer in die hantering van die ABF.

2. Die Sinode besluit dat die Fonds voortaan deur die Taakspan Fondse as deel van die Diensgroep vir Ondersteundienste hanteer word.

3. Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeentes en individue wat dit kan bekostig om die Fonds finansiële te ondersteun, veral by wyse van debietorders.

3.3.4 NASIONALE PREDIKANTEBYEENKOMS

1. Die Algemene Sinode keur die optrede van die ASK goed.

2. Die Sinode versoek die ADL en die Diensgroep vir Gemeente-en-Bediening om in samewerking met die sinodes 'n kerkwyse predikantevergadering byeen te roep vir alle dienende predikante van die NG Kerk. Die vergadering sal funksioneer as 'n uitgebreide *ad hoc* kommissie waar onder andere die volgende sake bespreek moet word:

- * Die roeping van die NG Kerk nou.
- * Die stand van sake in gemeentes en bedieningsprioriteite.
- * Die roeping en geestelike lewe van die leraars.
- * Die inhoud van predikantswerk (Art 9).
- * Verpligte voortgesette teologiese opleiding.
- * Die beroepstelsel en moontlike alternatiewe.
- * Dienskontrakte met gemeentes.
- * Onderlinge ondersteuning van mekaar en 'n moontlike kode van verbintenis aan mekaar.
- * Gereformeerde identiteit.

Hierdie vergadering doen verslag aan die volgende Sinode. Die Sinode versoek gemeentes om dit vir hulle leraars moontlik te maak om die vergadering by te woon. As gemeentes nie die koste kan dra nie, moet die Sinode gevra word om steun te verleen of moet borge gesoek word.

Alle gelegitimeerdes van die NG Kerk word ook genooi om die vergadering by te woon.

4.1 GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EK-KLESIOLOGIE – die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode gee 'n verdere opdrag aan die ADGB om aan die hand van die studiestuk (Agenda 2002: 115-120) te werk aan die formu-

lering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word. (Handelinge 2002:542)

4.2 KLEIN GEMEENTES – die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode dra dit aan die ADGB op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien. (Handelinge 2002:542)

4.3 ROEPINGSTELOGIE – die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode dra dit aan die ADGB op om in samewerking met die Taakspan Predikantebediening te besin oor roeping en amp (roepingsteologie) met verslag aan die Sinode. (Handelinge 2002:542)

4.4 DIE KATEGETE-AMP - die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die ADGB en Taakspan Regte vir verdere studie met verslag en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode. (Handelinge 2002: 543)

4.5 AMPTELIKE TUG - die opdrag word herhaal: Die Algemene Sinode gee opdrag aan ADGB en Taakspan Regte om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.

4.6 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE - die opdrag word herhaal :

1. Die Algemene Sinode verwys die hele saak van "Inskakeling oor Gemeentegrense" en "Kerklidmaatskap" ook na ADGB (sameroeper) en Taakspan Regte vir deeglike studie oor die implikasies daarvan - veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake - met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

2. Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Sinode in die lig van Art. 10 van die *Kerkorde* (1998) en die NGB art. 16, word die hele verslag van die *ad hoc*-kommissie vir *Kerklidmaatskap* (Agenda 2002 bladsy 306-311 punt 2.6) na die Taakspan Regte verwys om opnuut te kyk na al die AANBEVELINGS.

3. Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met:

(1) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref.

(2) Die Taakspan Regte kry opdrag om die riglyne te integreer en in die *Kerkorde* op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

4.7 KONSEKWENSIES VAN VERSLAG OOR ARMINIANISME (AS 2002) VIR DIE BEDIENING - die opdrag word herhaal:

Die Algemene Sinode verwys die verslag (Agenda 2002 : A.12.D1) oor die Arminianisme na die ADGB (en ADDG) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing

C.7.1 - NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING: PARALLELE SESSIE -

2.1 – sien A.7:2.1.4.3

A.8.1 JEUG (Boek II, bl 107 - 117)

3.2.6 IT-BEDIENING - die Algemene Sinode besluit om die integrasie van die verskillende IT-bedieninge na die Taakspan Media te verwys sodat die NG Kerk se IT-sake deur een Kommissie hanteer kan word.

A.8.2 JEUG: AANVULLEND (Boek II, bl 19)

Die voorlegging word as gevolg van tydsbeperking glad nie bespreek of hanteer nie, en verval dus.

C.8.1 JEUG: PARALLELE SESSIE - kennis geneem.

C.8.2 JEUG: PARALLELE SESSIE

1. JEUG EN ROEPINGSVERKLARING

1.1 Die Algemene Sinode versoek diensgroepe, sinodes en gemeentes om die jeug te benut en te betrek in die nastreef van doelwitte in die roepingsverklaring.

1.2 Die Sinode versoek diensgroepe, sinodes en gemeentes om die jeugfaset te identifiseer en te teiken in elke projek wanneer ons ons roeping nastreef.

1.3 Bronne Jeugterrein - Die Algemene Sinode versoek diensgroepe, sinodes en gemeentes om die bronne wat in die kerkverband op jeugterrein beskikbaar is te benut, te bemark en te help ontwikkel, (bv. die bedieninge in die huidige AJK en op die huidige webwerf www.jeugfokus.org.za).

1.4 Fantastiese Familie-jaar - Die Algemene Sinode versoek diensgroepe, sinodes en gemeentes om die doelwitte van die *Fantastiese Familie-jaar* deurlopend na te streef op grond van die verbondsopdrag en die waarde daarvan vir effektiewe, standhoudende geloofsoordrag.

2. OPVOEDING EN ONDERWYS

2.1 Die Algemene Sinode bevestig die waarde van toegewyde Christen-onderwysers.

2.2 Die Sinode versoek alle betrokkenes in die kerk om onderwysers te ondersteun in hulle veeleisende omstandighede.

2.3 Die Sinode versoek gemeentes om Christenjongmense te motiveer om as onderwysers opgelei te word.

2.4 Die Sinode versoek gemeentes om die Onderwysersopleiding Trustfonds te ondersteun.

2.5 Die Sinode besluit om deur sy verteenwoordigers op onderwysterrein by die staat aan te dring dat daar weer sterk aandag aan dissipline en waardes in skole gegee word.

2.6 Die Sinode besluit om ouers te motiveer om by beheerliggame en leerinhoud van hulle kinders betrokke te wees.

2.7 Die Sinode versoek sy Taakspan vir Opvoeding en Onderwys om in oorleg met die Teologiese Fakulteite waar predikante van die NG Kerk opgelei word, in gesprek te tree met die Opvoedkunde Fakulteite aan die betrokke universiteite oor moontlike samewerking tov:

2.7.1 Die opleiding van onderwysers, veral met die oog op godsdiensoonderrig op skool.

2.7.2 Die ontwerp van kurrikula vir die opleiding van sodanige onderwysers.

A.9 KERKLIKE MEDIA (Boek II, bl 120 - 127)

1.4 TAAKGROEP KERKLIKE MEDIA

1. Die Algemene Sinode boekstaaf sy waardering vir die groot werk wat die Taakgroep vir Kerklike Media gedoen het en spreek sy dank uit vir die feit dat die hele kerklike mediabediening nou in 'n doelmatige en koste-effektiewe eenheid saamgevoeg kon word.

2. Die Sinode boekstaaf sy waardering vir die ondersteuning en samewerking van die bestuur en personeel van die verskillende maatskappye binne die Kerklike Media-groep. Hulle het deur hulle positiewe bydrae 'n baie belangrike rol gespeel om van die samevoeging van aktiwiteite 'n groot sukses te maak.

3.1.3 NG KERK-UITGEWERS - die Algemene Sinode boekstaaf sy dank teenoor die direksie van NG Kerk-Uitgewers vir die inskakeling van NGKU by die Kerklike Media-groep van die NG Kerk en bekragtig die ideaal om die publikasie van liturgiese, teologiese en Bybeluitlegkundige werke te bevorder en sover moontlik geldelik te ondersteun.

5.1.3 HOOFREDAKTEUR - die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering teenoor dr Frits Gaum uit vir agtien jaar diens as hoofredakteur van kerklike tydskrifte en bid ds Johann Symington die seën van die Here toe op sy bediening in hierdie veeleisende pos.

5.7 KERKBODE EN LIG

1. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om massa-intekening vir Kerkbode en LIG te doen of te vergroot sodat die intekenaantal op die kerklike tydskrifte spoedig minstens kan verdubbel.

2. Die Sinode moedig lidmate wat Kerkbode en LIG nie by hulle gemeentes ontvang nie, aan om as individue daarop in te teken.

7.2.2 HUGENOTE-BYBELINSTITUUT - die Algemene Sinode moedig lidmate aan om die geleenthede wat die Hugenote-Bybelinstituut vir geestelike verryking en toerusting vir diens bied, te benut en vir die kursusse in te skryf.

7.5 C-WEB - die Algemene Sinode spreek sy dank daarvoor uit dat die aandeelhouding in C-Web vir die oorgrote persentasie in die hande van die Kerklike Media-groep is en versoek gemeentes, sinodes en ander kerklike instansies om sover moontlik uitsluitlik van C-Web gebruik te maak om in hulle internet-behoefes te voorsien.

9.7 FINANSIËLE STEUN CLF EN ASK

1. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor CLF en AJK vir die finansiële steun wat daartoe bygedra het om 'n gesonde solvensievlak by die Tydskrifmaatskappy te verseker.

2. Die Sinode bevestig dat Kerkbode as tydskrif vir die NG Kerk ook die amptelike mondstuk van die kerk is en dra dit aan AKF op om die moontlikheid van finansiële steun deur die kerk te ondersoek en indien moontlik toe te pas.

10. Gemeente Dienste Netwerk - sien A.13.2:4.4.

12.5 REGLEMENT AKKM (sien A.12:2.2)

Die Sinode keur die Reglement van die AKKM (Taakspan Media) soos gewysig goed:

1. NAAM

Die Algemene Kommissie vir Kerklike Media (AKKM)

2. SAMESTELLING

2.1 Die kommissie word deur die Algemene Sinode / Algemene Diensgroep Leiers soos volg aangewys:

2.1.1 Ses lede wat kollektief oor bewese kundigheid beskik ten opsigte van kerklike behoeftes en -beleid, bestuur en finansies, kerklike bestuur en -finansies en van die mediabedryf.

2.1.2 Sover moontlik twee mediakundiges.

2.1.3 Die uitvoerende direkteur van die media-maatskappy.

2.2 Ander persone wat by die media-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging die vergaderings met adviserende stem bywoon.

3. OPDRAG

Die kommissie

3.1 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoefes aan almal gebring word deur gebruikmaking van die geskikte gedrukte en elektroniese media;

3.2 verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en waar moontlik ekumeniese wyse plaasvind sodat die kerk van Christus

opgebou, die koninkryk van God uitgebou en die Naam van die Here geëer word;

3.3 sien toe dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;

3.4 koördineer die mediabediening van die NG Kerk;

3.5 sien toe dat die verskillende instansies wat in die NG Kerk se mediabediening funksioneer, afsonderlik en gesamentlik so bedryf word dat aan die kerklike behoeftes ten opsigte van die mediabediening voldoen word en dat beskikbare hulpbronne maksimaal benut word;

3.6 tree, volgens die statute van die media-maatskappy, as direksie van die maatskappy op;

3.7 behartig, in ooreenstemming met belastingwetgewing, eie administrasie en finansies;

3.8 doen aan die Algemene Sinode en ALGEMENE Diensgroep Leiers verslag oor die stand van die kerklike mediabediening, asook oor die funksionering en finansiële posisie van die instansies wat in die kerklike mediabediening funksioneer;

3.9 adviseer die Algemene Sinode insake die beleid vir kerklike media;

3.10 benoem in samewerking met die Algemene Diensgroep Leiers die besturende direkteur van die media-maatskappy en die hoofredakteur van kerklike tydskrifte.

4. VERGADERINGS

Die kommissie

4.1 konstitueer so gou as moontlik na die gewone sitting van die Algemene Sinode;

4.2 vergader na behoefte, maar minstens drie keer per jaar.

DANKMOSIE: DS HJ LINDE - die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat ds HJ Linde na 30 jaar toegewyde diens in Maart 2005 as Besturende Direkteur van Bybel-Media uittree. Ds Linde het BM (en die destydse Bybelkor) van 'n beskeie ideaal uitgebou tot 'n maatskappy wat die verskillende bedryfsafdelings van 'n mediabediening gevestig het. Die Sinode bedank ds Linde vir sy jarelange diens en wens hom en sy eggenote 'n geseënde rustyd toe.

KERKLIKE MEDIA - die Algemene Sinode is verheug en dankbaar dat al sy mediawerk na soveel jare nou onder een Kommissie funksioneer. Die AKKM word bedank vir die afgelope twee jaar se werk. Die Sinode versoek die Taakspan Fondse om soveel fondse as moontlik in die werk van alle fasette van die Taakspan Media te voorsien.

A.10 LEER EN AKTUELE SAKE

(Boek II, bl 130)

2.7 SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG

LW: enkele formuleringe kan nog gewysig (dit het nie ter Sinode gebeur nie)

In die lig van bostaande keur die Algemene Sinode die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

* *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;

* *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;

* *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;

* *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vgl NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gave van God is, moet opoffer nie;

* dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;

* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

3. Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;

* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeeld van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);

* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);

* die dankbare, maar kritiese luister na die manier

waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;

* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategeese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;

* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

5. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

3.6 NUWE STAATKUNDIGE BEDELING

1. Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die NG Kerk die roeping het om op die grondslag van Bybelse waardes deel te neem aan die openbare gesprek wat ten doel het om 'n beter samelewing vir almal in Suid-Afrika tot stand te bring.

2. Die Sinode beskou dit as die eerste verantwoordelike van die kerk om self 'n model te wees van 'n gemeenskap wat die Bybelse waardes wat hy verkondig, uitleef.

3. Die Sinode oordeel dat die NG Kerk in die huidige oorwegend liberaal-demokratiese bestel in Suid-Afrika 'n meer inklusiewe benadering behoort te volg wat die humanisering van die samelewing en die optimale beskerming van lewe ten doel het. In hierdie inklusiewe benadering is daar ruimte vir ander waardestelsels naas die morele waarde-stelsel, word die samewerking gesoek van ander rolspelers wat hulle vir 'n beter samelewing beywer en word die welsyn van almal in Suid-Afrika nagestreef.

4. Die Sinode oordeel dat 'n gedeelde Christelike visie van 'n goeie samelewing in Suid-Afrika onontbeerlik is vir die effektiewe en verantwoordelike deelname van die kerk aan die openbare gesprek oor samelewingskwessies.

5. Die Sinode gee opdrag aan die ADL om die samewerking van ander kerke te soek in die formulering van 'n gemeenskaplike Christelike visie van 'n goeie samelewing in Suid-Afrika.
6. Die Sinode onderskryf die Handves van Mense-regte vervat in die Suid-Afrikaanse grondwet vanweë die raakpunte wat dit met Bybelse waardes vertoon. Die onderskrywing van spesifieke interpretasies en toepassings van die Handves van Mense-regte bly egter onderhewig aan die mate waarin dit met Bybelse waardes ooreenstem.
7. Die Sinode aanvaar dat die regering in die huidige liberaal-demokratiese bedeling nie sonder meer beleid en wetgewing op eiesoortig Christelike oortuigings kan baseer nie, maar dit moet baseer op wat in die Grondwet, en meer spesifiek in die Handves vir Mense-regte, vervat is.
8. Die Sinode versoek die ADL om sterker amp-telike betrokkenheid by die wetskrywende proses van beide provinsiale en nasionale parlements moontlik te maak.
9. Die Sinode gee opdrag aan die ADL om ondersoek in te stel na maniere waarop die effektiwiteit van die NG Kerk se skakelwerk met wetgewers en deelname aan die Nasionale Godsdiensvereniging en die Nasionale Godsdiensleiersforum bevorder kan word.
10. Die Sinode bevestig dat radikale morele vernuwing slegs moontlik is op die grondslag van die verlossing in Jesus Christus. Die Algemene Sinode ondersteun egter die Morele Vernuwingsbeweging wat deur die regering geïnisieer is, aangesien dit aan kerke die ruimte bied om 'n eie bydrae te lewer tot 'n beter samelewing in Suid-Afrika. Die ADL word versoek om reëlings te tref om die NG Kerk se aktiewe en effektiewe deelname aan die Morele Vernuwingsbeweging te verseker.
11. Die Sinode versoek die ADL om 'n ad hoc-kommissie te benoem om ondersoek in te stel na 'n omvattende en geskikte program vir die toerusting van lidmate in gemeentes tot nakoming van hul persoonlike morele verantwoordelikheid in die samelewingsverbande waarin hulle betrokke is.
12. Die Sinode beskou dit as die taak van die kerk om deur deelname aan die openbare gesprek oor samelewingskwessies die morele konsensus in die samelewing te verskuif om dit meer in ooreenstemming met Christelike waardes te bring.
13. Die Sinode moedig lidmate aan om vanuit 'n Christelike perspektief deel te neem aan gesprekvoering in die media oor samelewingskwessies. *Kerkbode* en *Lig* word versoek om die deelname van lidmate aan hierdie gesprekvoering te stimuleer (bv deur 'n gereelde rubriek oor samelewingskwessies).

4.10 HOMOSEKSUALITEIT

1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die

boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.

2. Dit is ook die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei, om in waarheid met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van 'n gebrek aan leiding, seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kan word nie.

3. Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

- * in liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;

- * met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar 'n behoefte is;

- * saam te besin oor wat 'n Bybels-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

4. Die Sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.

5. Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: 624 12:11 punt 2.)

6. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuititeit ten sterkste veroordeel word.

7. Die Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar.

Hierdie besluit vervang die vorige besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit en word nou die amptelike standpunt van die NG Kerk.

5.9 GEREFORMEERDE IDENTITEIT

1. Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die feit dat die Gereformeerde familie van kerke in Suid-Afrika nie net persentasiegewys krimp nie, maar selfs wat getalle betref 'n daling toon.

2. Die Sinode aanvaar dat 'n deel van die lidmate wat die kerk verlaat, 'n behoefte het aan ander vorme van spiritualiteit, byvoorbeeld 'n hartliker en warmer beleving as wat hulle in hul plaaslike gemeente beleef.

3. Terselfdertyd neem die Sinode kennis van die feit dat die uittog uit ons kerk sedert die middel van die negentigerjare afgeplat het.

4. Die Sinode is dankbaar vir die wyse waarop vernuwing in ons kerk lidmate akkommodeer wat so 'n warmer en meer ontspanne geloofsatmosfeer en beleving vra, en doen 'n beroep op gemeentes waar so 'n behoefte bestaan, om ruimte daarvoor te skep.

5. Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om in hulle vernuwingsprosesse vanuit die Gereformeerde wortels van ons teologie te groei.

6. Die Sinode moedig lidmate en gemeentes met verskillende vorme van spiritualiteit aan om in die allernouste gemeenskap met mekaar te leef en mekaar te begelei tot die verryking van die hele kerk, en tot groter diens aan die gemeenskap.

7. Gereformeerde Spiritualiteit

7.1 Die Sinode erken dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die Gereformeerde belydenis en spiritualiteit.

7.2 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om beskrywingspunte van kerkrade, ringe en sinodes aan te vra met betrekking tot die gesag en vertolking van die Skrif, die inhoud en gesag van die Gereformeerde belydenis asook die begrip van die Gereformeerde kerkinrigting (erediens, liturgie, sakramente, spiritualiteit) en kerkreging (gesag van Algemene Sinode, verhouding Sinode/Algemene Sinode).

7.3 Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om inklusiewe studiegroepe saam te stel na aanleiding van die ingekome beskrywingspunte met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

6.5 DOOPVIERING

1. Die Algemene Sinode besluit om sinodes en kerkrade weer eens dringend aan te moedig om groot erns te maak met die verantwoordelike vertolking van die doop en nagmaal soos ons dit verstaan binne die Gereformeerde verstaan van die evangelie van die genade.

2. Die Sinode moedig kerkrade aan om gesamentlike doopvierings in die erediens verder te ontwikkel en uit te bou.

3. Die Sinode versoek gemeentes om nie met hierdie viering die suggestie van 'n herdoop te laat posvat nie.

4. Die Sinode moedig kerkrade ook aan om die moontlikheid van individuele doopvierings in die erediens en in kleiner groepe in die gemeente te ontwikkel.

5. Die Sinode verwys die saak van die viering van die sakrament met 'n rituele wassing na Taakspan

Leer en Aktuele Sake vir besinning en verslag aan die Algemene Sinode.

6. Die Sinode versoek Taakspan Leer en Aktuele Sake om in sy verslag hieroor NGB 25, waarin Christus die seremonies van die wet afskaf, te verreken.

7. Die Sinode versoek dat Taakspan Leer en Aktuele Sake en Taakspan Erediens hierin met mekaar oorleg pleeg.

Die Aktuaris wys daarop dat Doopviering as viering van die doop verstaan moet word en nie as doopbediening nie.

7.3.1 SAMESTELLING PROJEKSPANNE

1. Die Algemene Sinode besluit dat daar met die samestelling van projekspanne, wat sake van leerstellige en etiese aard aanbetref, sorg gedra sal word dat erkende dogmatici, etici en eksegete deel sal wees van hierdie groep.

2. Die Sinode besluit dat alle projekspanne teologies multi-dissiplinêr saamgestel sal word.

3. Die Sinode doen 'n beroep op almal wat betrokke is by herstrukturingsprosesse in die kerk op alle vlakke, om nie hoofsaaklik die proses te laat verloop volgens funksionele en pragmatiese oorewegings nie, maar ook ernstig rekening te hou met 'n deurdagte en verantwoordelike verstaan van die eie aard van ons kerk as 'n Gereformeerde belydeniskerk.

7.3.2 OPDRAGTE AAN TAAKSPAN LEER EN AKTUELE SAKE

Genadedood, Aborsie, Saamwoon-verhoudinge, Erfsonde, Geweld, Doodstraf, Ekonomiese geregtigheid, Regstellende aksie, Globalisering, Mikroleenskemas, Ekologie, Rol van die belydenis in die kerk.

8. MOSIE: WJ BOTHA - die Algemene Sinode spreek sy besondere waardering uit teenoor dr Willie Botha vir jare van uitmuntende diens in die kerk. Die Sinode waardeer sy kundigheid, lojaliteit en stylvolheid waarmee hy 'n haas onberekenbare bydrae op baie terreine van die kerklike lewe gelewer het. Die Sinode bid hom en sy eggenote Laetitia 'n geseënde aftrede toe.

C.10.1 TYDELIKE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

B.5.1.1 NUWE EIETDSE RELEVANTE

BELYDENISSKRIF - die Algemene Sinode besluit om nie die beskrywingspunt te aanvaar nie.

B.5.2 KULTURELE GLOBALISERING

B.5.2.1 - die Sinode besluit om die Beskrywingspunt soos volg te aanvaar:

1. Die Algemene Sinode besluit om 'n indringende studie te onderneem oor die implikasies van globalisering in al die dimensies daarvan vir die Suider-Afrikaanse samelewing en die Suider-Afrikaanse

kerke en hul lidmate. Aandag moet in die besonder aan die ekonomiese en kulturele dimensies van globalisering gegee word.

2. Die Sinode besluit om die voorgestelde studie, sover moontlik, in samewerking met ander kerke in die NG Kerk-familie te onderneem en om deskundiges uit verskillende vakgebiede by die studie te betrek.

3. Die Sinode besluit om betrokke te raak by ekumeniese besinning oor globalisering in Suider-Afrika en in ekumeniese organisasies soos die WBGK en die WRK.

C.10.2 LEER EN AKTUELE SAKE: PARALLELE SESSIES

3.6 – sien A.10:3.6

C.10.3 LEER EN AKTUELE SAKE: PARALLELE SESSIES

4.10 – sien A.10:4.10

C.10.4 LEER EN AKTUELE SAKE: PARALLELE SESSIE

5.9 – sien A.10:5.9

6.5 – sien A.10:6.5

A.11.1 PREDIKANTSAKE : DIENSVERHOUDINGE (Boek II, bl 157 - 163)

2.1.3 RIGLYNE VIR ARBEIDSVERHOUDINGE - die Algemene Sinode keur die volgende riglyne vir arbeidsverhoudinge goed en versoek die Taakspan Regte om dit op 'n geskikte plek in die kerkordeboek op te neem:

1. Die beginsel van vryheid van godsdiens staan as a priori vas.
2. Die staat se reg om die burgerlike samelewing deur middel van wette te reguleer, word erken.
3. Die kerk aanvaar dat hy hom aan al die landswette onderwerp – maar dat hy 'n eie, Bybels-bepaalde inhoud gee vir die uitlewing van die sake wat in die wette gereguleer word.
4. Ten opsigte van diensverhoudinge het die kerk die reg om sy eie interne reëlings op te stel.
5. Hierdie reëlings, wat in die Kerkorde opgeneem word, moet die Bybelse beginsels as primêre vertrekpunt hê.
6. Praktiese riglyne vir die toepassing van diensverhoudinge word in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge opgeneem.
7. Die Kerkorde en Bestuursgids moet met arbeidswetgewing resoneer en minstens die minimumstandaarde van die wetgewing reflekteer.
8. Waar die kerk spesifieke behoeftes het waarvoor die arbeidswetgewing se bepalings nie genoegsame duidelikheid of beskerming gee nie, kan hy sy eie reëlings bepaal.

9. Alhoewel kerkrade en ander kerkvergaderinge as selfstandige werkgewers selfstandige besluite rakende diensverhoudinge kan neem, moet hulle steeds beseft dat elke gemeente in die kerkverband ingebed is en dat hulle besluite nie die kerkverband in die verleentheid moet stel nie.

2.4.5 BESTUURSGIDS DIENSVERHOUDINGE - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Taakspan Diensverhoudinge om die Bestuursgids vir Diensverhoudinge voor publikasie aan die ADL vir goedkeuring voor te lê.

3.1.7 POSEVALUASIE EN PRESTASIEBESTUUR - die Algemene Sinode

1. neem kennis dat riglyne vir posevaluasie en prestasiebestuur in die hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge opgeneem sal word en dat werkgewers dit dan volgens plaaslike omstandighede kan implementeer;
2. versoek die Taakspan Fondse om met die Taakspan Diensverhoudinge oorleg te pleeg voordat die aanbevelings ten opsigte van vergoedingspakkette vir predikante gefinaliseer word;
3. gee opdrag aan die Taakspan Diensverhoudinge om sy studie ten opsigte van posevaluasie, prestasiebeoordeling en vergoedingsvoordele as 'n staande opdrag te beskou.

PERSOONLIKE ONTWIKKELINGSPLAN VIR PREDIKANTE

1. Versoek Algemene Diensgroep Gemeente-en-Bediening (Predikantebediening) in samewerking met Taakspan Diensverhoudinge (ADOD) om 'n persoonlike ontwikkelingsplan vir predikante op te stel vir die roeping, rol en uitkomste van predikantwees.
2. Hieruit kan riglyne vir groei-evaluasie en begeleiding opgestel word om opgeneem te word in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge.

3.2.5 LANGVERLOF – aanbeveling verwys na Taakspan Diensverhoudinge met die spesifieke opdrag om na predikante in 'n eenmangemeente se posisie te kyk:

1. Dat langverlof, as deel van 'n leraar se diensvoordele, verval, maar dat dit nie sonder 'n teenvergoeding moet gebeur nie. Daar word dus by werkgewers aanbeveelom, na onderhandeling met leraars, die verlofregister op 'n bepaalde datum (bv 31 Maart 2005) ten opsigte van langverlof skoon te maak (verlof wat nie vooraf geneem kan word nie, word uitbetaal teen 50% van maksimum 90 dae, vgl Reglement 22) en om daarna die vergoedingspakket met 2½% of gelykwaardige voordele te verhoog;
2. Dat Reglement 22 (Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare) verval maar dat riglyne in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge opgeneem word.

LANGVERLOF - verwys na Taakspan Diensverhoudinge:

Tov punt 1:

1. Dat langverlof as deel van 'n leraar se diensvoordele aan die einde van die boekjaar 2004/05 verval, maar dat die finansiële waarde daarvan wat vir die toekoms verbeur word, verreken sal word by die toekomstige vergoedingspakket.

2. Dat die AKF voortaan hierdie verrekening maak by die vasstelling van die riglyne vir leraarsvergoeding.
 3. Daar word by werkgewers aanbeveel dat na onderhandeling met leraars in elke individuele geval bepaal word of die reeds verdiende regsgeldige verlof onmiddellik uitbetaal word teen 50% van die maksimum van 90 dae, en of dit as verlof beskikbaar gehou word om by diensbeëindiging te neem of op daardie stadium te laat uitbetaal teen 50% van 'n maksimum van 90 dae.

Tov punt 2:

1. Dat Reglement 22 (Verlofreglement) met uitsluiting van paragrawe 3 en 4 waarin eksplisiet verwys word na Langverlof en Studieverlof, voortaan as riglyne in die Kerkorde opgeneem word, en indien so verkies word, ook in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge.

2. Die Sinode beveel by werkgewers aan dat predikante wat vir 'n periode van langer as 6 maande met verlof afwesig wil wees, verkieslik aansoek moet doen om demissie. Hierdie aanbeveling word ook deel van die Riglyne.

3.3.6 ARBITRASIELIGGAAM - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKDV om met sy ondersoek na die moontlike instelling van 'n private arbitrasieliggaam vir die NG Kerk voort te gaan en om dit, indien dit moontlik blyk te wees, in oorleg met die ASK te implementeer.

4.1.1 KO Artikel 13 – sien by A.12

4.1.2 Reglement Verlof - verval.

A.11.2 PREDIKANTEBEDIENING (Boek II, bl 164 - 176)

1.2 KOMMISSIE PREDIKANTEBEDIENING - die Algemene Sinode besluit dat die werksaamhede van die Kommissie vir Predikantebediening (= Taakspan Predikantebediening) op 'n vaste basis en met dieselfde opdrag bly voortbestaan.

4.3 BEDIENINGSVREUGDEMODEL - die Algemene Sinode keur dit goed dat die "Bedieningsvreugdemodel vir die versorging van predikante" as uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir toekomstige bediening aan predikante gebruik word en dra dit aan die AKPB op om hierdie model verder te ontwikkel en toe te pas.

PREDIKANTEBEGELEIDING

1. Die Algemene Sinode bevestig dat:

1.1 die deurlopende begeleiding en 'n versorging van sy predikante 'n prioriteit (wesens) saak van die kerk is;

1.2 die Bedieningsvreugdemodel as 'n holistiese program onmiddellik in al die sinodes van die kerk geïmplementeer moet word;

1.3 'n predikantebegeleidingstaakgroep deur die Sinode aangestel word om die proses oorhoofs te bestuur en te koördineer. Dit neem nie weg dat elke sinode van die proses op 'n eiesoortige manier kan implementeer nie.

2. Die Sinode besluit voorts dat die taakgroep verdere ondersoeke doen na:

2.1 'n praktiese stelsel van standplaaswisseling en/of verplasings;

2.2 die oorhoofse bestuur van die proses vanuit 'n sentrale kantoor (dalk saam met GDO).

A.11.3 VERSLAG PREDIKANTSAKE: TEOLOGIESE OPLEIDING

(Boek II, bl 177 - 179)

1.6 WERWING, KEURING, BEGELEIDING EN OPLEIDING VAN PREDIKANTE

1. Die Algemene Sinode onderskryf die noodsaak van 'n proses van inklusiewe kerklike betrokkenheid by die werwing (roeping), keuring, opleiding, begeleiding en ordening van predikante vir die bediening soos aanbeveel deur AKTO, en besluit om in die lig daarvan 'n taakspan (met reg tot koöpsie) aan te wys om deeglik oor die hele aangeleentheid te besin met die oog op verslag aan die Algemene Diensgroep Leiers teen Augustus 2005.

2. Die Sinode versoek dat hierdie opdrag in oorleg met ander rolspelers en tersaaklike sinodale kommissies hanteer word, en verleen aan die ADL afhandelingsbevoegdheid.

2.5 NUWE GRAADSTRUKTUUR - die Algemene Sinode neem kennis van die beoogde nuwe graadstruktuur vir teologiese opleiding en van die implikasies wat dit vir die opleiding van predikante vir die NG Kerk mag inhou, en versoek Taakspan Teologiese Opleiding om die hele aangeleentheid te hanteer in die beste belang van die kerk, met verslag (en afhandelingsbevoegdheid) aan die Algemene Diensgroep Leiers.

A.12 REGTE

LW: Kronologiese Notule tov A.12, C.12.1, C.12.2 en C.12.3 word hier gekompileer onder die volgende afdelings:

ALGEMENE BESLUIE EN OPDRAGTE

KERKORDE-ARTIKELS (in volgorde)

REGLEMENTE

BEDIENINGSBEVOEGDHEID (Taakspan ad hoc)

ALGEMENE BESLUIE EN OPDRAGTE

1. APPROBASIE BY KERKEENHEID (A.12: 1.8.2.9) – sien A.13.4:4

2. BEROEPSTELSEL - die Algemene Sinode volstaan met die verslag van die AKPB in verband met die beroepstelsel. (A.12:1.1.3)

3. HANTERING VAN AMENDEMENTE NADAT KONSENSUS-VOORSTELLE VOORBEREID IS -

dat die onus op die insteller van die amendement berus om hantering van die amendement te versoek indien hy/sy van oordeel is dat die saak daarvan nie in die konsensus-voorstel ondervang is nie. (C.12.2:1)

4. KATEGETE-AMP AS 'N VOLWAARDIGE AMP (C.12.2 : 1.10) - die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die ADGB en Taakspan Regte vir verdere studie met verslag en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode.

5. LOCUS STANDI VAN DIE ASK (B.6.1) - slegs die Algemene Sinode kan KO-Artikels verander /wysig. Die inwerkingtreding van artikels en wysigings van reglemente kan wel na bepaalde kommissies verwys word. (C.12.1:3.1)

6. NOTULES VAN KOMMISSIES (A.12/C.12.2: 4.3.2.2) -- die Algemene Sinode bekragtig die aanbeveling van die ARK, naamlik dat alle permanente kommissies van die Algemene Sinode hul laaste notule afhandel by die eerste vergadering van die betrokke tydelike kommissie tydens die sitting van die Sinode.

7. OPDRAGTE VERSKILLENDE KOMMISSIES (A.12/C.12.2 :1.7.3) - die ARK wys die Algemene Sinode op die koste-implikasies verbonde aan besluite van hierdie aard waar op-dragte aan verskillende kommissies gesamentlik gegee word.

8. TOELATING TOT BEDIENING : WH OLIVER (A.12/C.12.1:4/C.12.2:3.2.7/C.12.3:1) Die Algemene Sinode bespreek die aansoek om toelating tot die bediening *in camera*. Vertroulike notule per los stuk.

9. WOORDBEDIENING MET BEHOUD VAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID (C.12.2 : 1.9) - die Algemene Sinode verwys die beginsel aangaande die ruimte van Woordbediening (met behoud van bedieningsbevoegdheid) in die NG Kerk in organisasies en taakgroepe wat nie amptelik aan kerklike institute verbind is nie, na Taakspan Leer en Aktuele Sake samewerking met die ADGB en die Taakspan Regte vir verdere studie en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode.

ARTIKELS

ARTIKEL 11 - dat Artikel 11 van Die Kerkorde met sy besluit ongewysig gelaat word. (A.12 : 1.2.3)

ARTIKEL 13 - die gemeente, kerkraad of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy/haar lewensonderhoud (of in geval van deelytdse bediening vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes).

ARTIKEL 26.2 (A.12:1.16.3) - die Algemene Sinode neem kennis dat die ARK reeds in Mei

2003 sy advies (bl 192), na oorleg met die AKG, aan die ASK deurgegee het. Die ASK het aanvanklik nie die vrymoedigheid gehad om hierdie advies van die ARK te implementeer nie, maar het dit wel in Mei 2004 geïmplementeer. (C.12.2: 4.1.16)

ARTIKELS 30 EN 33 - hierdie aanbeveling staan op grond van nuwe inligting wat ontvang is, oor vir verdere ondersoek deur die ARK. (A.12:1.4.3/ C.12.1:1.4)

ARTIKELS 31 EN 35 (A.12/C.12.2: 1.3.2.5)

1. Dat Artikel 31.6 gewysig word om te lees: 31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal.

2. Dat Artikel 35.4 verval en Artikel 35.2 gewysig word om te lees:

35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van Die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal.

3. Die huidige Artikel 35.3 tot 35.7 se numerering word dienoooreenkomstig aangepas.

ARTIKEL 35.7 (A.12:1.5.4/C.12.2)

Aanbeveling 1.5.4 staan op grond van nuwe inligting wat ontvang is, oor vir verdere ondersoek deur die ARK.

Aanbeveling 1.5.6 verval in die lig van aanbeveling 2.4.7.1 in A.13.2.

ARTIKEL 38 (A.12:1.5.6/A.13.2:2.4.7)

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes.

38.2 Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:

38.2.1 'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens;

38.2.2 'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Leiersgroep bereken. (Revisie)

38.3 Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.

(Die numerering van die bestaande 38.2 en 38.3 word reggestel.)

Die kommissie word versoek om 'n ondersoek te doen na die verskansing van Artikel 38.2.1.

ARTIKEL 39.1 (A.12:1:bl192/C.13.2 : 2.4.7.2)

Die dagbestuur van die Leiersgroep, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25).

Vroue in Moderatuur - die Taakspan vir Regte word versoek om die moontlikheid te ondersoek dat die Kerkorde sodanig gewysig word dat 'n vrou as lid van die moderatuur verkies word.

ARTIKEL 40 (C.13.2:2.4.7.3)

40.1 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word 'n moderatuur/dagbestuur verkies en 'n Leiersgroep saamgestel.

40.2 Lede van die moderatuur/dagbestuur kan vir meer termyne in dieselfde posisie verkies word.

Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na 'n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur/dagbestuurslede vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur/dagbestuurslede vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.

ARTIKEL 42 (C.13.2:2.4.7.4)

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Leiersgroep roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

ARTIKEL 43 (A.12:1.3.2.3/C.12.2)

Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:

43.1 Wat kerklike roeping en standpunte betref:

43.1.1 die formulering van die roeping/leidende beginsels/standpunte in sake van gemeenskaplike belang wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word;

43.1.2 die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;

Huidige 43.1.2 word 43.1.3;

Huidige 43.1.3: voeg by "vasstelling van die belydenisskrifte" "ooreenkomstig Artikel 44" en wysig "en die orde van die eredienste" na "en die liturgiese grondlyne vir eredienste"; Artikel word 43.1.4;

Huidige 43.1.4 word 43.1.5;

Huidige 43.1.5 verander na: die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomste met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe; dit word 43.1.6;

Huidige 43.2 bly onveranderd, behalwe dat 43.2.2 wysig na: die behartiging van sake waar eenvormigheid en/of samewerking vir die hele kerkverband noodsaaklik is.

ARTIKEL 44.1 (A.12:1.3..3)

Artikel 44.1 kry een enkele sinsnede by om te lees: 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

Aangesien Art 44 verskans is, moet al die sinodes hierdie wysiging aan Artikel 44 met 'n tweederdemeerderheid goedkeur.

ARTIKEL 44.1.2 (B.6.5) (C.12.1:3.5)

Punt 1: Elke sinode afsonderlik moet met 'n tweederdemeerderheid instem alvorens die Algemene Sinode kan voortgaan met die proses (KO Art 44.1 en 44.2).

Punt 2: "Gemeente" verwys na "kerkraad" wat in sy regerende hoedanigheid die gemeente verteenwoordig. Twee-derdes van alle kerkrade in die Algemene Sinodale verband moet met 'n tweederdemeerderheid van sy lede ten gunste van 'n wysiging aan die Belydenis stem alvorens die Algemene Sinode daartoe kan instem (vgl Aanbeveling Boek II, bl 183, pt 1.3.2.3.2).

Punt 3: Artikels 43 en 44 laat wel ruimte dat die kerk sy belydenis kan wysig. Art 44 bepaal dat hierdie wysiging op 'n bepaalde manier moet geskied. Indien die wysiging volgens hierdie prosedure geskied, is dit die geldige en bindende besluit van die kerkverband.

Punt 4: As die belydenisverandering op 'n wettige besluit volg, is beide gemeente en leraar daardeur gebind.

Punt 5: Die antwoord op hierdie vraag sal afhang van die regsposisie van die kerk binne die burgerregtelike omstandighede.

Punt 6: Indien die kerkvereniging en/of belydeniswysiging prosedureel korrek geskied, word daar met die eiendom, bates en laste gehandel volgens die kerk se eie besluite.

Punt 7: Indien daar 'n belydenisverandering kom, sal Art 1 per implikasie ook verander met dieselfde besluit.

Punt 8: Hierdie Algemene Sinode kan nie verder gaan as om die saak te verwys na die sinodes nie.

ARTIKEL 49.1 (A.12 : 2/C.12.2:4.2.1/C.12.3:2)

1. Skrap "streek" telkens in die woord "streek-sinode". (C.13.2)

2. Die Algemene Sinode verwys Artikel 49.1 na die Taakspan Regte vir moontlike regstelling van die Kerkorde in die lig van vorige besluite van die Algemene Sinode.

REGLEMENTE

REGLEMENT 3 : PREDIKANTE IN DIENS VAN KINDERHUISE EN ANDER SODANIGE INRIGTINGS (A.12/C.12.2:4.3.2.4) - die Sinode besluit dat hierdie saak terugverwys word na die Taakspan Regte vir verdere ondersoek met verslag aan

die Leiersgroep, aangesien dit 'n reglementêre wysiging is.

REGLEMENT 3: MENTORPROGRAM (A.12/C.12.2:4.3.2.5) - die Algemene Sinode keur dit goed dat 'n nuwe punt tussen punte 3 en 4 van KO Regl.3 (Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente) ingevoeg word, naamlik :

4. BEDIENINGSONTWIKKELING

4.1 'n Gelegitimeerde persoon moet in die lig van die legitimasi-verklaring deelneem aan voortgesette teologiese opleiding.

4.2 Alle gelegitimeerdes moet, ter wille van hulle eie bedieningsontwikkeling en die beswil van die gemeente, inskakeel by die mentorprogram van die NG Kerk.

REGLEMENT 9: KERKLIKE REGISTRASIE AS ORGANISASIE SONDER WINSOOGMERK – NWO (NPO'S) - die Algemene Sinode besluit dat 'n ad hoc-kommissie, bestaande uit lede van die AKF en die ARK, aangewys word om die basisdokument en Reglement 9 te hersien en sodanig te wysig dat dit voldoen aan die vereistes van die wet vir registrasie as NWO (NPO). Hierdie dokumente moet dan aan die Leiersgroep voorgelê word vir goedkeuring. (C.12.1:2)

REGLEMENT 11 : AKKM (A.12:2.2) – sien A.9:12.5)

REGLEMENT 16: SAMESTELLING TAAKSPAN REGTE (C.12.2 : 2.3.2) - die Algemene Sinode besluit dat die reglement van die Taakspan Regte sodanig gewysig word om voorsiening te maak dat kundiges per geleentheid gekoöpteer mag word.

REGLEMENT 19: TENTMAKERBEDIENING

(B.6.6) - punt 4.8.2 van die Reglement vir Tentmakerbediening word gewysig sodat tentmakers by hulle eggenote(s) se mediese fonds by 'n ander werkgewer mag inskakeel, indien so versoek word. (C.12.1 : 3.6)

REGLEMENT : AKPB (A.12:2.3) – dit her per abuis nie gedien nie.

BEDIENINGSBEVOEGDHEID (Boek II :191:1.11.3) = Taakspan ad hoc

1. TAAKSPAN BEDIENINGSBEVOEGDHEID

(A.12:1.11.3/C.12.2:3):

'n Klein Taakspan van kundiges word aangewys (en daarvoor begroot) wat 'n omvattende ondersoek moet doen oor onder andere:

1. alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;
2. die problematiek rondom die predikant "as werknemer van die kerkraad" aan die een kant en

sy ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasië en bevestiging aan die ander kant;

3. of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur niebevestigde leraars uitgevoer kan word;

4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van predikante, beide wat opleiding, legitimasië en verantwoordelikhede betref;

5. verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer en verwys na die taakspan vir ondersoek.

Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die ADL.

2. ARTIKEL 9 (B.6.2) - beskrywingspunt word verwys na die taakspan, nl versoek die ADGB om in samewerking met Taakspan Diensverhoudinge, die Taakspan Predikantebediening en die Taakspan Regte om, in die lig van die veranderende bedieningsbehoefte in gemeentes en die verstaan van die predikant se rol, Art 9 te hersien. (C.12.1:3.2)

3. ARTIKELS 23, 63 EN 64 (B.6.3)

Punt 1 word verwys na die taakspan soos voorgestel deur die ARK in 1.11.3 (Boek II, bl 191). (C.12.1 : 3.3)

Punte 2-5 word verwys na die kommissie vir die kerklike tribunale soos voorgestel deur die ARK in 1.18.3 (Boek II, bl 197). (C.12.1 : 3.3)

4. ARTIKELS 26 EN 27 (B.6.4) - word verwys na die Taakspan Bevoegdheid, nl: om as deel van die omvattende ondersoek na die ampte ook te kyk na die invloed van verkleinde kerkrade met betrekking tot die ampsbegrip soos verwoord in die Nederlandse Geloofsbelofenis. ((C.12.1:3.4/C.12.2:3)

5. BEDRYFSVEREISTES - die Algemene Sinode verwys hierdie saak ook na die Taakspan Bedieningsbevoegdheid. (A.12:1.15.2/ C.12.2)

6. KERKLIKE TRIBUNALE (A.12/C.12.2: 1.18.3) - die Algemene Sinode neem kennis van die bostaande memorandum en verwys dit ook na die Taakspan Bedieningsbevoegdheid. Die insette van die onderskeie Sinodale Regskommisies/Kerkordekommisies word ook ingewag.

7. BEVOEGDHEID KANDIDATE (A.12/C.12.2 :3.2.1.2) - die Algemene Sinode verwys hierdie saak ook na die Taakspan Bedieningsbevoegdheid.

A.13.1 ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE: GEWONE WERKSAAMHEDE

(Boek III, bl 209 - 223)

2.1.3 ZIMBABWE

1. Die Algemene Sinode betreur die feit dat die situasie in Zimbabwe sedert die vorige Sinode vererger het en dat daar geen moontlike oplossing in sig is nie.
2. Die Sinode onderskryf die verklaring van die SARK oor Zimbabwe.
3. Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wat beroep, om 'n leraar uit Zimbabwe te oorweeg ten einde die situasie aldaar vir gemeentes te verlig.
4. Die Sinode doen 'n dringende beroep op die streeksinodes om voort te gaan met hulle finansiële ondersteuning tot ten minste einde Maart 2006.
5. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Sinode van Noord-Transvaal vir betrokkenheid by en hulp aan die Ring van Midde-Afrika, asook teenoor die onderskeie sinodale gebiede en gemeentes vir volgehoue hulp en voorbidding.
6. Die Sinode spreek sy groot dank uit teenoor al die sinodes, gemeentes en lidmate wat ruimhartig bydra om die bediening in Zimbabwe te ondersteun.

2.2.3 GEWELD EN MISDAAD - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Diensgroep Leiers (ADL) om die hele kwessie van geweld en misdaad as hoë prioriteit op sy agenda te hou. (Vgl A.13.4:1).

GEWELD EN MISDAAD - die Algemene Sinode verwys die saak van geweldsmisdaad na die Diensgroep Diensgetuies met die opdrag om 'n omvattende strategie (na aanleiding van die Vigsstrategie) oor geweld en misdaad te ontwikkel met verslag en afhandeling deur die ADL.

PLAASAANVAL CALEDON

1. Die Algemene Sinode spreek sy ontsteltenis uit oor die sinnelose aanval op mnr Manie van Niekerk van Caledon toe hy Sondagaand twee vroue te hulp gesnel het tydens 'n rooftog op hulle plaas.
2. Die Sinode verseker hom en sy familie van sy voorbidding vir herstel en verligting van die erge pyn wat hy tans verduur.
3. Die Sinode wil ook voorbidding doen vir alle slagoffers van geweld en misdaad in alle gemeenskappe in ons land, en versoek alle rolspelers om daadwerklik saam te soek na vrede en veiligheid vir al die gemeenskappe in ons land.

2.3.3 TOERUSTING - die Algemene Sinode versoek Bybelmedia om dringende aandag te gee aan toerustings-materiaal (moontlike Bybelstudiegids) oor Jesus van Nasaret, die Christus van die Kerk.

3.6.2 AFTIGTING EN NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING - die Algemene Sinode verwys hierdie saak na die nuwe Algemene Diensgroep Gemeente-en-Bedieninge met opdrag om 'n

taakspan aan te wys (waarin die Taakspan Regte ook betrek word).

5.1.2 FEDERALE RAAD VAN KERKE - die Algemene Sinode besluit om by die ander lidkerke aan te beveel dat die Federale Raad volgens die voorgeskrewe prosedure ontbind.

5.2.3 PREDIKANTEKONFERENSIES - die Algemene Sinode

1. ondersteun die versoek van die TKR van die drie Afrikaanse Kerke vir die hou van gesamentlike predikantekonferensies;
2. versoek dat elke sinode in sy eie gebied die inisiatief neem vir die reël van sulke konferensies op streeksbasis.

6.1.2 KAPELAANSDIENSTE

1. Die Algemene Sinode betuig skriftelike waardering teenoor die departementele hoofde van die onderskeie departemente wat die funksionering van kapelaansdienste in die uiters uitdagende tye van transformasie positief bly ondersteun het.
2. Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die onderskeie hoofde van kapelaansdienste, kapelane en ander geestelike werkers wat hulle steeds met toewyding van hul taak kwyt.
3. Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette geestelike en finansiële ondersteuning van gemeentes aan die onderskeie dienste.
4. Die Sinode betuig ook waardering teenoor die Bybelgenootskap van SA en die Christelike Lektuurfonds vir hulle getroue bydrae aan veral die geestelike sorg in Korrektiewe Dienste.

6.2.1 GRONDHERVORMING

1. In die lig van die roepingsverklaring van die Sinode en die huidige standpunt van die kerk oor grondhervorming, herbevestig die Algemene Sinode die oortuiging dat die kerk 'n profetiese en pastorale verantwoordelikheid het ten opsigte van die hele proses van grondhervorming.
2. Die Sinode versoek die Diensgroep Leiers om, as 'n saak van dringendheid, 'n taakspan aan te wys om deurlopend aandag te gee aan die praktiese uitvoering van hierdie verantwoordelikheid.
3. Die Algemene Sinode dra dit op aan Taakspan Leer en Aktuele Sake om 'n studie te maak van die kontekstuele teologie van grond en grondbesit.

GRONDHERVORMING (riglyne 2002)

Voeg by na pt 8:

Finalisering van elke oordragsproses moet so vinnig as moontlik geskied nadat daar tot bevredigende ooreenkomste gekom is en die hulp van die regering in dié verband moet ernstig gevra word.

6.2.7.2 WAARHEID- EN VERSOENINGS-KOMMISSIE

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat die finale verslag (TRC Report, Vol 6-7) op 21 Maart 2003 aan die President oorhandig is.
2. Die Sinode dra dit aan die Algemene Diensgroep Leiers (ADL) op om in oorleg met die NG Kerk se ekumeniese vennote aandag te gee aan die aanbevelings van die WVK wat kerke raak of mag raak.
3. Die Sinode moedig lidmate aan om betrokke te raak by die internasionale *Arts and Reconciliation Festival* in Maart 2005.

6.4.3 ENTREPRENEURING - die Algemene Sinode besluit dat die opdrag van 2002 verval.

6.5.3 SINODALE GRENSE

1. Die Algemene Sinode besluit dat die *status quo* ten opsigte van die bestaande sinodale grense gehandhaaf word.
2. Die Sinode besluit om nie tans 'n proses van herindeling van sinodale grense te begin nie, maar om dit aan elke sinode oor te laat om langs die gewone weg die ASK (Leierdiensgroep) te nader met gemotiveerde versoeke.

GRENS SINODE NOORD-TRANSVAAL

1. Die Algemene Sinode keur dit goed dat die grens van die Sinode van Noord-Transvaal na inlywing van die Sinode van Midde-Afrika as ring van Noord-Transvaal uitgebrei sal word om daarmee Afrika noord van die Limpopo in te sluit by Noord-Transvaal.
2. Die Sinode gee opdrag aan die Algemene Sekretaris om so spoedig as moontlik 'n voorlegging van die spesifieke grensomskrywing aan die ADL te doen vir goedkeuring en publikasie in die Kerkbode.
3. Die Sinode versoek gemeentes en leraars uit al die sinodale gebiede wat met uitreike in Afrika besig is, om ter wille van groter koördinerende en effektiwiteit van die werk in hierdie uitgestrekte gebied deur die kantoor van Noord-Transvaal (of direk) kontak te maak met ds Dion van Dyk wat tans 'n opdrag van Noord-Transvaal in dié verband het.

6.8.3 Vroue in die kerk – sien by A.13.3.

7.5 PROFESIE OOR PROFYT

1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake om:
 - 1.1 die projek Profesie oor Profyt soos uiteengesit in die ASK-verslag by pt 7.5, in oorleg met die Diensgroep vir Diensgetuienis te begelei en by die volgende Sinode verslag te doen;
 - 1.2 saam met ander deelnemers aan die projek die kerk se reaksie op die Acra-verklaring van die WBGK uit te werk.
2. Die Sinode stel oudl Koos Pauw as projek-koördineerder aan.

GELOWIGES EN RYKDOM - die Algemene Sinode versoek die ADDG en sinodes om gesprekke te inisieer oor die verantwoordelikheid van gelowiges om rykdom te hanteer as geleentheid om ook ander mense opbouend te help.

8.2.3 ARGIEF EN -INLIGTINGSWETGEWING

1. Die Algemene Sinode bepaal dat die betrokke "PERSOON" (Inligtingsbeampte) wat ten opsigte van alle kommissies van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle instansies wat inligting bewaar by wie aansoeke om toegang tot inligting ingedien moet word, die Argivaris van die Algemene Sinode is (tans argivaris van die Eenheidsargief: Kaapland, Transvaal en Algemene Sinode).
2. Die Taakspan Argief en Taakspan Regte kry opdrag om al die dokumente voor te berei (Handleiding en Inventaris van die NG Kerk) en voorsien aan alle genoemde kommissies en kerkvergaderinge (sien 8.1.2.3.1) van 'n voorbeeld van 'n Handleiding, die Inventaris, Vorm B (aansoeke om toegang tot inligting) en die "Bylae" (oor kostes).
3. Die Taakspan Argief voorsien 'n inligtingstuk aan alle kerklike betrokkenes oor die rede vir die wet en die praktiese uitvoering daarvan.
4. Die Sinode neem kennis dat die Nasionale Erfeniswet (25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing No 1313 van 25.10.2002) bepaal dat alle geboue ouer as 60 jaar deur die wet beskerm word en dat toestemming verkry moet word voordat enige vervreemding, restourasie of verbouings mag plaasvind en versoek die Taakspan Argief om 'n inligtingstuk hieroor voor te berei vir versending saam met dié in 8.1.2.3.3.

8.3.5 DR FM GAUM - die Algemene Sinode vereenselwig hom met die dankmosie van die ASK ten opsigte van dr Frits Gaum.

A.13.2 TAAKSPAN: STRATEGIE, KOMMUNIKASIE EN STELSLS

(Boek III, bl 224 - 261)

1.4 DANK TAAKSPAN - die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die sinodes en gemeentes wat dit vir die lede van die taakspan moontlik gemaak het om hierdie werk af te handel.

2.4 STRATEGIE (C.13.2:2)

1. Die Algemene Sinode keur die skuif van 'n struktuur- na 'n roepingsgedrewe funksionering goed.
2. Die Sinode keur die optrede van die ASK soos vervat in die verslae oor die diensgroepe en die kantoelopset goed.
3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Leiersgroep om in samewerking met die ander diensgroepe verder na te dink oor die rol van die Algemene Sinode binne die verband van die NG

Kerk. Spesifieke aandag moet gegee word aan die onderskeid tussen die rol van die Algemene Sinode en dié van die sinodes. Die resultaat van dié nadenke moet getoets word by die onderskeie sinodes vir insette en uiteindelijke voorlegging aan die volgende Algemene Sinode.

4. Die Algemene Sinode besluit dat visionerings-prosesse hoog op die agenda van die breë verband van die NG Kerk is en moet wees. 'n *Ad hoc*-taakspan word (by die Algemene Sinode) aangewys, bestaande uit een persoon uit elke sinodale streek, wat die Leiersgroep tussen sinodesittings kan adviseer en bystaan in visioenêre prosesse, spesifiek ook die wyse waarop die prosesstasies in samewerking met al die sinodes gekoördineerd beplan kan word. Punt 2.3.2 van dié verslag dien as raamwerk waarbinne die beplanning gedoen kan word.

5. Die Sinode besluit dat teologiese nadenke 'n hoë prioriteit vir die hele verband is. Opdrag word gegee dat alle diensgroepe en taakgroepe aandag gee aan prosesse wat dit op hulle terrein kan stimuleer.

6. Die Sinode besluit op 'n taakgroep vir kerkhereniging wat die Leiersgroep kan help om saam met alle rolspelers die pad van kerkhereniging met wysheid en doelgerigtheid te loop. Die Leiersgroep besluit self op die grootte en personeel van die groep.

2.4.7 Artikel 38 – sien by A.12

2.4.7.2 VOLGENDE ALGEMENE SINODE - die Sinode besluit dat die volgende Algemene Sinode in 2006 plaasvind.

ARTIKEL 40.2 - ten opsigte van die nuwe Artikel 40.2 word vorige termynne wat huidige moderatuurslede voltooi het, nie tydens die verkiesing by hierdie vergadering in berekening gebring nie.

OORGANG (C.12.2:2.3) - die Algemene Sinode gee aan die Algemene Diensgroep Leiers opdrag om:

1. met behulp van die huidige dagbestuur van die Taakspan vir Strategie, Kommunikasie en Stelsels die oorgang te beplan en waar moontlik te implementeer;
2. in oorleg met die Taakspan Regte voorstelle vir die wysiginge van Kerkorde-artikels (onder andere Artikels 43, 45, 46, 50-56) wat vir die nuwe wyse van funksionering nodig is, voor te berei vir voorlegging aan die Algemene Sinode van 2006.

REGLEMENTE - die Algemene Sinode besluit dat die bestaande reglemente van kommissies van krag bly in die mate wat nodig is om die oorgangsproses te fasiliteer. In geval van enige verskille/ onduidelikhede gee die Leiersgroep uitsluitel. Indien nodig, kan die Leiersgroep na oorlegpleging

met die Taakspan Regte nuwe reglemente opstel en goedkeur.

3.4 KOMMUNIKASIE (C.13.2:3) - die Algemene Sinode neem kennis van die kommunikasieverlag en verwys die voorstelle daarin vir oorweging by die bosberaad van die diensgroepe vir besluitneming.

4.7.1 DIENSGROEPE -- die Algemene Sinode keur die optrede en besluite van die ASK goed soos vervat in die verslag oor die diensgroepe.

4.7.2 KANTOOROPSET -- die Algemene Sinode keur die optrede en besluite van die ASK goed soos vervat in die verslag oor die kantooropset.

4.7.3 GEMEENTEDIENSTE-NETWERK

(C.13.2:4) – die Algemene Sinode neem kennis van die optrede en besluite van die GDN soos vervat in die verslag oor die Gemeentedienste-Netwerk en verwys dit na die Bosberaad van die diensgroepe vir verdere bespreking, ondersteuning en implementering.

EIE AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES - die Algemene Sinode herbevestig die belangrikheid van die eie aard en selfstandigheid op eie terrein van die 10 sinodes van die NGK.

A.13.3 VROUE IN DIE KERK

(Boek III, bl 262 - 265)

2.2.3 BIOGRAFIE VIR DACB - die Algemene Sinode versoek alle gemeentes om 'n biografie volgens die voorgeskrewe riglyne oor ten minste twee Christenleiers (een man en een vrou) in hulle gemeente of plaaslike gemeenskap te skryf en vir publikasie in die DACB in te stuur.

VROUE IN DIE KERK – vgl A.13.1:6.8.3

Die Algemene Sinode besluit dat

1. die subkommissie vir vroue in die kerk se opdrag verleng word onder die moontlike naam Kommissie vir Geslag-en-Diversiteit (Taakspan van ADL);
2. ondersoek deur die Algemene Sekretaris gedoen word na die moontlikheid van 'n Geslag-en-Diversiteit-lessenaar as deel van die nuwe kantooropset van die Algemene Sinode;
3. die haalbaarheid van hierdie voorgestelde bedeling in November 2004 in die groter gesprek oor die benutting van kerklike werknemers bepaal word.

GESLAG-EN-DIVERSITEIT

1. Die Algemene Sinode benadruk dat die geslag-en-diversiteit-lessenaar nie bloot na vroue se "unieke" behoeftes moet omsien nie, maar op geslagsgelykheid moet fokus.

2. Die Sinode dra dit aan die geslag-en-diversiteit-lessenaar op om met die Taakspan Diensverhoudinge te skakel om onbillike arbeids-praktyke teenoor vrouepredikante uit te skakel.

SAMEWERKING AKV - die Algemene Sinode keur dit goed dat die Lessenaar vir Geslags-gelykheid met die Taakspan Vroue in gesprek tree met die oog op nouer samewerking en die uitklaar van werksterreine.

MAN AS HOOF IN DIE HUWELIK - die Algemene Sinode dra dit aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake op om te ondersoek watter leiding die NG Kerk aan sy lidmate behoort te gee oor die vraag of die man in die huwelik die hoof van sy vrou behoort te wees.

A.13.4 ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE: AANVULLEND (Laatstuk)

4. KERKHERENIGING – vgl C.13.1:1

1. INLEIDING

* Die NG Kerk is hartseer en verleë omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie veel gevorder het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses werklik baie moeilik maak, weet ons dat dit nie 'n verskoning is nie.

* By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk baie moeilik die roeping wat die Here vir ons as kerk het, sal kan uitvoer. Ons huiwer om dit te sê, maar ons oordeel dat versuim in hierdie verband nie net sal beteken dat ons die Here gefaal het nie, maar ook ons Suider-Afrikaanse samelewing - en miskien veral die kinders en jongmense.

* Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerk-familie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons kerke, saam te neem op die pad vorentoe.

* Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit sal wil inbring in die nuwe verband. Ons is egter ook verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

* Wat ons eie kerk betref, het ons 'n verantwoordelikheid teenoor baie predikante en lidmate wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar sou wou onderskryf, maar ook baie predikante en lidmate wat om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

* Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het en sou onself wou gee vir 'n proses waarin ons so gou as moontlik een word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal van ons -

met die baie waaroor ons saamstem, maar ook dit waaroor ons verskil.

* Ons glo dat dit ironies sal wees as ons rondom 'n belydenisskrif wat juis die eenheid van die kerk bely, by 'n punt kom waar ons die kerk maar laat skeur omdat ons nie meer glo dat die Here ons almal bymekaar kan hou en in een herenigde kerk kan saambring nie.

* Ons pleit by ons broers en susters vir 'n spoedige hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons mekaar aanvaar en aanneem met al ons bagasie, en ook kans kry vir 'n groeiproses waarin ons mekaar leer ken en leer liefkry.

* Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar iewers in die middel kan ontmoet en 'n pad saam kan begin loop. Ons gaan ook so spoedig moontlik met ons eie gemeentes in gesprek tree oor hierdie voorgestelde proses vir kerkhereniging.

* Ons hoop dat ons spoedig "iewers in die middel" een nuwe herenigde kerk kan vorm waar ons almal saam voor Christus buig en voor mekaar en as 'n saam-kerk die pad vorentoe aanpak.

2. VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika nou. Ons glo dat ons as Familie bymekaar hoort, mekaar nodig het en saam 'n wesenlike taak te vervul het in ons lande.

3. 'N KEUSE OM GOU WEER OP GANG TE KOM MET DIE PROSES EN SAAM TE GROEI NA GROTER EENHEID

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigings-proses sloer. Ons is oortuig dat daar genoeg gronde is waarom ons spoedig met die kerkherenigingsproses kan begin.

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en weet almal dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die formuliere van eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidsstrukture opgerig.

3.2 Ons is van oordeel dat hierdie sake genoeg geloofskonsensus bied sodat ons saam weer die proses op pad na een kerkverband kan begin. Ons doen 'n beroep op die ander kerke van die Familie dat ons so gou doenlik die voorbereidende proses op gang sal kry.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertrouwe te stel op die

versoenende krag van die evangelie van Christus wat ons steeds nader aan mekaar kan bring en ons kan laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

4. 'N PAD WAT BAIE GEDULD, BEGRIP EN TEGEMOETKOMENDHEID VAN ALMAL VRA

Die geskiedenis leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit met groot geduld, sensitiwiteit en baie gesprek hanteer.

5. DIE BELHARBELYDENIS

Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiakerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word (vgl besluit AS 1998). Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998). Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie.

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onself hiertoe.

6. MODEL: 'N VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES

Ons stel voor dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar.

7. GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskryf of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die gemeente.

8. ANDER KWESSIES WORD GEDURENDE DIE PROSES ONDERHANDEL

Daar is 'n aantal sake waarvoor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die

gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, teologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van kerkhereniging behoort te staan nie.

9. WESENLIKE ROL VAN GESAMENTLIKE GESPREK EN BESINNING OP ALLE VLAKKE

Ons glo dat die proses van kerkhereniging indringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

1.0 KERKSKEURING MOET TEN ALLE KOSTE PROBEER VERMY WORD

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring na enige kant ten alle koste moet probeer vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

11. DIE BYEENBRING VAN ALLE GEREFORMEERDE KERKE

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

12. RAADPLEGING VAN GEMEENTES

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weer eens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd sensitief is en ruimte maak vir mense met huiweringe en vrae.

13. PROSES VERDER

Vir die proses van raadpleging met die sinodes en kerkrade in die NG Kerk ten opsigte van die eenheidsproses in die NG Kerk-familie, stel die Algemene Sinode die volgende riglyne:

1. Die besluite van die Algemene Sinode van 2004 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerk-familie (ASK verslag 13:4 pt 4.3) het die *status van aanbevelings* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

2. Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbeve-

lings. Die konsultasieproses met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Algemene Diensgroep Leiers (plus ander kundi-ges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging uitgevoer sodat die resultaat nie later nie as einde Januarie 2006 by die ADL is. Die konsultasieproses gaan oor die volgende:

2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2004;

2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalinge van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002). In dié verband is die volgende by 1.1.9 van die besluite van 2004 belangrik: "Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak".

3. Na die afhandeling van hierdie konsultasieproses word die resultaat deur die taakspan verwerk en by die voortgaande gesprek in die NG Kerk-familie betrek. Intussen is die aanbevelings van die Algemene Sinode 2004 beskikbaar vir kommentaar vanuit die hele NG Kerk-familie en vorm dit deel van die gesprek en onderhandelings in die Familie.

4. Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ADL plaasgevind het.

5. Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander gemeentes van die NG Kerk-familie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die ASK in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

BESKRYWINGSPUNTE

(Boek III, bl 266)

B.1.1 BELHAR EN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE NUWE HERENIGDE KERK

1 – 3.5 (uitgesonder 2.2) verwys na ADL (Algemene Diensgroep Leiers).

2.2 SINODEVORMING - aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar kan verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook

om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

B.1.2 KERKHERENIGING EN BELYDENISGRONDSLAG VAN 'N HERENIGDE KERK

Verwys na ADL.

APPROBASIE BY KERKEENHEID (A.12/C12.2:

1.8.2.9)

1. Dat, kerklik gesproke, approbasie 'n oop proses is wat onder toesig van die kerkverband in regverdigheid en billikheid hanteer word, of as gesprek, of as geskilbeslegting, of as appèl, of waar persone ter sprake is, ook moontlik as tug. As die approbasie oor 'n saak handel, word in die proses na konsensus gestreef, maar as deel van die oop proses sou ook ooreengekom kan word dat daar toetsing van die betrokke lidmate moet wees.

2. Dat approbasie dwarsdeur Reglement 6 op dieselfde wyse hanteer word, behalwe by 6:1 (afstigting) waar vereis word dat meer as die helfte van die lidmate 'n versoekskrif en waarborglys onderteken.

3. Dat die bewoording oor approbasie lees: "die ooreenkoms word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente(s) vir approbasie bekendgemaak, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste afkondiging skriftelik by die skriba ingedien moet word."

4. Die kerkrade maak hulle konsensus-mening, of hul gedebatteerde besluit met tweederdemeerderheid (sien Besluit Alg Sinode) aan die gemeente op twee Sondae bekend vir approbasie. Indien die besware uitloop op 'n besluit tot toetsing van die gemeente, word dit gedoen. Uiteindelik maak die kerkraad hulle geaprobeerde besluit aan die sinode bekend.

5. Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie eenparige-konsensus- of tweederdemeerderheid-geaprobeerde besluit verkry.

6. Elke sinode moet dan met 'n tweederdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.

7. Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederdemeerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

8. Dat regsadvies oor hierdie aanbevelings en saak ingewin word, en tot dan toe as voorlopig beskou word.

9. Dat die te verkrygte regsadvies, en indien dan nog relevant ook hierdie besluit oor approbasie, ook aan die ander kerke van die NG Kerk-familie gekommunikeer word.

5.3 ROEPINGSVERKLARING (4 kernsake)

1. Verbintenis aan God

Die Algemene Sinode versoek die ADL om in die volgende twee jaar verder te besin oor die vraag hoe ons ons verbintenis aan God in Roepingsverklaring 2002 en die uitdaging om Hom beter te leer ken, sinvol na binne en na buite (die NG Kerk)

kan kommunikeer. In dié verband wys die Sinode op die volgende moontlikhede:

1.1 Dat die beoogde predikantekonferensie in algemene Sinodale verband in 2005 'n geleentheid word waar die predikante van die NG Kerk saam voor die Here kom, na Hom en na mekaar luister met die gebed dat die Here ons saam 'n nuwe visie op God en op ons taak as kerk sal gee.

1.2 Dat die ADGB in oorleg met die ADL aan drie sake in die gemeentes aandag gee wat hierdie verbintenis met God kan versterk: volhardende gebed, lewende eredienste en 'n sterker klem op lering en goeie prediking.

1.3 Dat die Taakspan Media in oorleg met die ADL spoedig en indringend aandag gee aan die kommunikasiesisteem van ons kerk – na binne en na buite.

2. Groot kwessies

2.1 Dat die ADL saam met die betrokke kommissies/diensgroepe verder kyk na en studie doen oor die sogenaamde groot kwessies wat ons lande se toekoms bepaal (armoede, die ontwikkeling van mense, die impak van MIV en VIGS, misdaad en geweld, onderwys, moraliteit en die grondkwessie) en duidelikheid kry oor wat die sinvolste bydraes is wat ons as kerk op hierdie gebiede kan lewer.

2.2 Dat die ADL en hierdie kommissies/diensgroepe die stande van sake ten opsigte van hierdie kwessies monitor en toepaslike optrede oorweeg.

2.3 Dat Taakspan Leer en Aktuele Sake in oorleg met die ADL op die punt af studiestukke inisieer oor die groot morele, publieke en geloofskwessies van die dag. Hierdie studiestukke moet nie net 'n verantwoorde standpunt daarstel nie, maar ook riglyne bied wat ons lidmate en gemeentes kan help as om Christene sinvol en verantwoordelik oor hierdie sake te praat.

3. Ekumeniese verhoudings

3.1 Dat die ADL bestaande ekumeniese verhoudings met ander kerke op die terrein van die Algemene Sinode uitbou en mindere kerkvergaderings stimuleer om ook hulle rol op hulle spesifieke terreine te speel.

3.2 Dat die ADL, op grond van talle besluite van die Algemene Sinode, die herstel van een kerkverband in die NG Kerk-familie as 'n saak van die hoogste prioriteit hanteer.

4. Behoeftes van gemeente

4.1 Dat die ADGB met die steun van die ADL en in oorleg met die moderamina en/of betrokke kommissies of diensgroepe van sinodes dringend aandag gee aan die behoeftes van gemeentes.

4.2 Dat die Gemeentedienste-netwerk (GDN) ontwikkel word as 'n netwerk wat hierdie steun kan koördineer.

4.3 Dat gemeentes wat nie reeds daarmee besig is nie, aangemoedig word om deur 'n proses van roepingsonderskeiding te gaan. Die wesenlike elemente van so 'n proses is gebed, luister na die Woord en na mekaar, en 'n analise van die nood in die omgewing as 'n aanduiding van hierdie roeping.

4.4 Dat die ADGB binne sy opdrag en in samewerking met die moderamina en/of die betrokke sinodale kommissies of diensgroepe wat fokus op gemeentes, ook hieraan aandag gee.

5.4 ROEPINGSVERKLARING - die Algemene Sinode herbevestig die Roepingsverklaring 2002 en vra alle kerkvergaderings en hulle diensgroepe /kommissies om in hulle besinning en werk hiermee rekening te hou.

NUWE UITGEBREIDE ROEPINGSVERKLARING

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NG Kerk se roeping en plek in Suider-Afrika.

Daarom:

(a) Verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons Kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou nog deel van sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) Verbind ons ons opnuut tot ons kontinent, in die besonder Suider-Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklike vorme van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die konsekwensies van die vigs-pandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help, betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap.

(c) Verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons Kerk-familie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en met alle ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig.

(d) Roep ons ons gemeentes op om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toegewydheid van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as sout van die aarde en lig vir die wêreld God se koninkryk wil laat kom.

Ons het 'n Here. Ons is hier. Ons is Sy kerk.

Aan God al die eer.

Daar is by die Sinode 'n duidelike aanvaarding van die besef dat die kerk van Christus primêr 'n roepingsgemeenskap is en 'n gereedheid om onself toe te wy aan die verantwoordelikheid om in ons optrede 'n roepingsbegeleide geloofsgemeen-

skap te wees. Ons wil naby aan die Here leef om gereeld by Hom te hoor presies wat ons roeping is. Die Sinode wil die kerk lei om op alle vlakke vanuit haar roeping te dink, te besluit en te leef.

Daarom verbind ons as Sinode onself in die lig van ons roepingsverklaring daaraan:

* Om getrou aan ons Gereformeerde tradisie, die Bybel as gesagvolle Woord van God te handhaaf en te gehoorsaam. Ons verstaan ook al hoe beter dat om in die Bybel te glo, nie beteken om in 'n klomp reëls of beginsels te glo nie, maar in die lewende Drie-enige God self. Ons behoort aan Hom en al ons verwagtinge is van Hom alleen.

* Om in ons sinodale funksionering en vergaderings te groei in 'n insluitende en luisterende houding, asook in prosesse van besluitneming wat ons regtig help om die wil van die Here te onderskei en te gehoorsaam.

* Om deurlopend met die owerhede in gesprek te tree en te getuig oor ons roeping en bereidheid as kerk om diens te lewer aan die mense van ons lande.

* Om die integriteit van die Gereformeerde geloof te herwin, sodat God se genadige liefde vir sondaars bekend sal word.

* Om vanuit 'n diepe bewoëndheid en Christelike ontferming 'n gefokusde strategie vir die bestryding van die vigs pandemië en die gevolge daarvan te begin implementeer.

* Om op die mikro- en makrovlak strategieë vir die oorwinning van armoede uit te werk en deur te voer.

* Om onself oop te stel vir die deerniswekkende werking van die Gees van Christus sodat ons mense wat worstel met die gevolge van die gebrokenheid van die skepping wat aan hulle toegekom het, in 'n gesindheid van pastorale ontferming kan vashou.

* Om in biddende afhanklikheid van die Here met wysheid en volharding hard te werk daaraan om al die struikelblokke te oorkom wat nog hinder in die proses van hereniging met ons Kerkfamilie.

* Om die geleenthede wat ons volle lidmaatskap van die SARK en TEASA asook ander ekumeniese vennootskappe vir ons bied om ons roeping in Suider-Afrika uit te leef, konstruktief te benut.

* Om 'n gemeentedienste-netwerk te help uitbou van waaruit ons gemeentes prakties gehelp en ondersteun kan word om op konkrete maniere by die genesing van ons lande betrokke te raak.

* Om ons jonger generasie te inspireer en te lei om saam met ons as deel van sy kerk in die Naam van Christus 'n verskil in ons lande te maak.

ROEPINGSVERKLARING - die Algemene Sinode verklaar:

1. dat die NG Kerk se roeping om die evangelie te bedien, nie ingeperk kan word tot 'n bepaalde geografiese streek of 'n enkele kulturele visie nie;

2. dat die NG Kerk se roeping tot diens aan die Here sal antwoord in enige wêrelddeel en binne

enige wêreldkultuur binne die middele tot die kerk se beskikking;

3. dat die geografiese en kulturele gebondenheid van sinodes se roepingsverklarings as voorbeeld dien van die NG Kerk se verbintenis tot naasteliefde in enige wêrelddeel en binne enige kultuurgroep waarin die NG Kerk tot diens geroep word.

8.2 BUITELANDSE BEDIENING - die Algemene Sinode besluit:

1. Dat daar 'n bediening in Afrikaans plaasvind aan lidmate wat sodanige bediening begeer.

2. Dat die Kommissie vir Buitelandse Bediening (KBB) (=Taakspan van ADL) optree as amptelike bestuurs- en koördineringsliggaam vir die buitelandse bediening van die Kerke wat in hierdie onderneming saamwerk.

3. Dat predikante en proponente van die meewerkende Kerke, wat na die buiteland gaan vir 'n besoek of studie, by die KBB kan vra vir akkreditasie namens die kerke om besoekwerk, sakramentsbediening en kategetiese te kan doen met lidmate van die meewerkende kerke in die buiteland. Die KBB doen gereeld verslag van sodanige persone by die onderskeie Kerke. Koste vir sodanige besoeke is vir die individue en/of soos ooreengekom met die groepe wat besoek word.

4. Dat die KBB 'n leraar wat vir 'n periode na die buiteland gaan, kan vra om 'n bepaalde groep lidmate in die buiteland te besoek en te bedien. Die KBB hou die betrokke groepe op hoogte van sodanige reëlins. Die stuur van sodanige persoon geskied in die nouste oorleg met die plaaslike Afrikaanse bedieningstruktuur.

5. Dat 'n verslag en registerbesonderhede van sodanige besoeke deur die geakkrediteerde leraar aan die KBB besorg word. Die KBB besorg die materiaal aan die Argief van die Algemene Sinode.

6. Dat gemeentes van die meewerkende kerke 'n bevestigde leraar van hulle vir 'n vasgestelde periode vir bediening na die buiteland mag stuur in gebiede waar daar nie 'n gevestigde bediening van die meewerkende Kerke is nie. Verslag en registers van sodanige besoeke word deur die sturende gemeente gehou en opgestuur na die argief waaronder die gemeente sorteer. Koste vir sodanige sendings is vir die sturende gemeente en/of vir die groepe wat besoek word.

7. Groepe in die buiteland word in kennis gestel van bg reëlins en gevra dat hulle net van geakkrediteerde leraars wat deur die KBB geakkrediteer is, sal gebruik maak.

8. Leraars of bevoegdes van die meewerkende kerke word versoek om nie binne die grense van bestaande Afrikaanse gemeentes in die buiteland amptelik op te tree sonder die medewete van die buitelandse kerkrade nie, selfs as dit 'n nie-amptelike optrede van byvoorbeeld net twee weke is.

9. Dat die KBB verdere gesprek inisieer oor die belydenismatige en kerkregtelike identiteit van buitelandse gemeentes en wáár hulle by die

kerkverband inskakel. Hier is onder meer vrae soos die volgende belangrik:

9.1 Kan die meewerkende kerke 'n gesamentlike bediening in die buiteland daarstel?

9.2 Kan 'n buitelandse gemeente leraars uit enige van die meewerkende kerke beroep?

9.3 Gaan die buitelandse gemeentes uiteindelik 'n eie verband vorm of gaan hulle by een of al die meewerkende kerke se breëre verband inskakel?

9.4 Hoe posisioneer die buitelandse gemeente homself tov die gasheerland se wetgewing en hoe lyk sy eie konstitusie?

9.5 Wat is die lidmaatskapsvereistes vir buitelandse gemeentes?

9.6 Waar word hulle registers, notules en amptelike stukke gehou?

9.7 Hoe lyk hulle kerkorde?

10. Dat daar gereeld konferensies met buitelandse gemeentes en bedieningspunte gehou word. Koste hiervoor is vir deelnemers. Die KBB tree koördinerend op.

11. Dat die KBB die onderskeie kerke dien met voorstelle oor die vraag of die beroepe van leraars na buitelandse gemeentes wat gekoppel is aan werkspermitte vir 'n sekere aantal jare, gesien moet word as termynberoep.

12. Dat die KBB die deelnemende Kerke dien met voorstelle oor die pensioenvoorsiening van die leraars van buitelandse gemeentes.

13. Wat die NG Kerk betref, word die Taakspan Ekumene versoek om kerke en netwerke in die buiteland te identifiseer wat bereid sou wees om 'n Afrikaanse wyksbediening deur 'n NGK predikant te laat doen. Die nodige ooreenkomste moet opgestel en vir goedkeuring voorgelê word.

14. Dat daar 'n kategorie "Predikante met NG Kerkbevoegdheid in die Buiteland" in die Jaarboek geskep word.

9.2 Eenheidsargief – sien A.2

9.3 PARLEMENTÊRE LESSENAAR

1. Die Algemene Sinode wil in beginsel voortgaan met die Parlementêre Lessenaar en beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan.

2. Die Sinode verwys die saak van die maandelike Parlementêre Lessenaar na die beplande November-vergadering van die diensgroepe.

A.13.5 MEMORANDA WBGK - versoek dat die ADDG aan die laaste twee verslae sal aandag gee, nl:

Mission Section Plenary Report en Spirituality Section Report.

BESKRYWINGSPUNT

B.6.7 GEMEENTES IN ASOSIASIEVERBAND MET DIE NG KERK – beskrywingspunt nie ontvang nie; die saak word na die ADL verwys.

C.13.1 TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE

1. **KERKHERENIGING** – sien A.13.4:4

C.13.2 ROEPINGSVERKLARING: PARALLELE SESSIE - kennis geneem.

2. **Strategie** – sien A.13.2:2.4.

3. **Kommunikasie** – sien A.13.2:3.4.

4. **Gemeentedienste-Netwerk** – sien A.13.2:4.7.3.

A.14 VROUDELIDMATE (Boek II, bl 201 - 203)

11. VROUDELIDMATE

1. Die Algemene Sinode besluit dat die kommissie in samewerking met teologiese inrigtings/kerklike instellings toerustingsmateriaal vir vrouelidmate en -leiers ontwikkel.

2. Die Algemene Sinode besluit dat die Taakspan Vroue voortgaan om ekumeniese betrekkinge met ander kerke en denominasies te bevorder en uit te bou.

3. Die Algemene Sinode besluit dat die taakspan voortgaan om navorsing oor vrouelidmate se geestelike behoeftes, asook die spesifieke behoeftes van predikantsvroue en hoe hulle ondersteun kan word, te doen.

4. Die Algemene Sinode besluit dat die Algemene Diensgroep vir Gemeente en Bediening in samewerking met die Taakspan Vroue aandag aan die voortgesette opdragte van die kommissie sal gee en die ADL wysigings, soos nodig, in dié verband sal aanbring.

VROUE IN LEIERSKAP - vroue speel toenemend 'n prominente leierskapsrol in die samelewing. Vrouelidmate word aangemoedig om hierdie geleentheid te benut en aktief betrokke te raak in leierskapsposisies op alle vlakke van die samelewing.

A.15 HUGENOTE KOLLEGE - verwys na ADL.

C.16 KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

1. ALGEMENE DIENSGROEP LEIERS

1.1 Moderatuur - dr CW Burger, prof PJ Strauss, dr CJP Niemandt en ds Elsje Büchner

1.2 Verteenwoordigers van sinodes:

* Wes-en-Suid-Kaap: dr JJE Koornhoff (sek: dr JP Theron)

* Oos-Kaap: ds EGJdeG Schutte (dr ACV van Wyk)

* Noord-Kaap: ds C Janse van Rensburg (ds PL Louw)

* OVS: dr LM Erasmus (ds AJ Scherrer)

* Natal: ds LW Meyer (ds PJ Raath)

- * Wes-Transvaal: dr JHG Gous (ds NWJ van Rensburg)
- * Noord-Transvaal: dr JF Pienaar (dr HL Carelsen)
- * Suid-Transvaal: dr CJP Niemandt (dr PJSG du Plessis)
- * Oos-Transvaal: dr JH Ernst (dr J van Schalkwyk)
- * Namibië: ds SW Pienaar (ds C Marais)
- 1.3 Kerkraadslede: prof JJ Pauw en mev Hantie Bezuidenhout (mev Christine Veldsman en oudl DA Albertyn)
- 1.4 Voorsitters Diensgroepe:
 - * Gemeente-en-Bedieninge: dr AR Hanekom (dr AL Bartlett)
 - * Diensgetuienis: prof PGJ Meiring (ds WC van der Merwe)
 - * Ondersteuningsdienste: ds AJ Scherrer (dr GJ Cloete)
- 1.5 Verteenwoordiger Vroue: mev Rinel Hugo (sek: mev Mollie Kemp)
- 1.6 Algemene Sekretaris: dr JJ Gerber
- 1.7 Adviserend: ds J Symington (Redakteur) en dr BJ du Toit (Parlementêre Lessenaar)

2. ALGEMENE DIENSGROEP DIENSGETUIENIS

Besluit dat die Algemene Diensgroep Diensgetuienis soos volg saamgestel word:

- (1) Een persoon vanuit elke sinode.
- (2) Tien kundige lede.
- (3) Die predikant(e) in algemene sinodale diens (tans 2).
- (4) Twee vroue.

2.1 Verteenwoordigers van sinode:

- * Wes-en-Suid-Kaap: dr EC Orsmond
- * Oos-Kaap: ds JH van Niekerk
- * Noord-Kaap: ds JH Knoetze (ds FP Avenant)
- * Natal: ds SWP Scott (dr LG Schoeman)
- * OVS: ds CM James (dr JP Robb)
- * Wes-Transvaal: ds AJ Mocke
- * Noord-Transvaal: dr MN van der Merwe (ds MJ Swart)
- * Suid-Transvaal: ds HJ Jacobs (ds JD Louw)
- * Oos-Transvaal: prof PGJ Meiring (ds JH Fourie)
- * Namibië: ds MC van Rensburg (dr J Woest)
- 2.2 Kundiges (10) - prof CM Pauw (WSK), ds WC van der Merwe (WSK), dr A Oliphant (OK), ds J Botha, dr RB van Aarde (N), ds WJ Botha (OVS), ds ANE Louw, dr RC Lindeque (WT), ds JvW du Plessis (WT), ds MJP Grobler (NT)
- 2.3 Ampshalwe: dr G van der Watt (PASD) en dr DF Theron (PASD)
- 2.4 Vroue (2): Lina Blomerus (NK) en Carin van Schalkwyk (OVS) (Sek: Marieta Grobler, Namibië)

3. ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE-EN-BEDIENINGE

3.1 Verteenwoordigers sinodes:

- * Wes-en-Suid-Kaap: dr AR Hanekom
- * Oos-Kaap: ds BIC Steyn (dr JD Prinsloo)
- * Noord-Kaap: ds PL Louw (ds L Forsman)
- * Natal: dr RB van Aarde (ds F van Niekerk)
- * OVS: ds A Barlow (dr BF Joubert)

- * Wes-Transvaal: ds FJ Smith (ds B Serfontein)
- * Noord-Transvaal: dr MJ Lazenby (ds GJ Hugo)
- * Suid-Transvaal: ds MC Roux (ds CdeK du Randt)
- * Oos-Transvaal: dr LK Louw (dr DJ Dreyer)
- * Namibië: ds JHG Maritz (dr J Woest)

3.2 Kundiges:

- * Erediens (2): ds JJ Louw (OVS) en dr AL Bartlett (ST) (Sek: dr FJ Clasen OT en dr JI vd Merwe WSK)
- * Gemeentebou/GDN (1): dr AJV van Wyk (OK) (dr F Marais WSK)
- * Jeug (3): dr JHG Gous (WT), dr GF Claasen (NT) en dr WA Pretorius (NT) (Sek: ds MG Loubser - WSK)
- * Vroue (2): Rinel Hugo (NT) en Mollie Kemp (N) (Sek: Amanda de Lange OVS)
- * Predikantebediening (1): dr JH Bisschoff (OT) (Sek: dr M van Tonder Nam)
- * Teologiese Opleiding (1): dr MDJ Smith (WSK) (Sek: dr PR du Toit NT)

Taakspan: dr CW Burger, dr MDJ Smith en prof E Mouton (Stellenbosch); dr JJ Gerber, dr PR du Toit en prof CJ Wethmar (Pretoria); dr GPV le Roux, prof HC van Zyl en ds JJ Lubbe (Bloemfontein)

- * Kerkspieël: dr WJ Schoeman (NT)
- * Multikulturele bediening (1): ds M Rathbone (NT) (Sek: ds A Agenbach ST)
- * Gelegitimeerde vroue (1): ds LF(Lieze) Meiring (OT)

3.3 Ampshalwe: dr LC Dressel (PASD) (skriba)

4. ALGEMENE DIENSGROEP ONDERSTEUNINGSDIENSTE

4.1 Ampshalwe: dr JJ Gerber, Algemene Sekretaris (skriba)

4.2 Fondse: ds AJ Scherrer (OVS)

Taakspan (een verteenwoordiger op koste van eie sinode - egaliseer):

- Wes-en-Suid-Kaap: ds CT Visagie en ds FJ Cillie
- Oos-Kaap: ds CH van Heerden (ds MF Steyn) en dr JWJ Viljoen
- Noord-Kaap: ds FD Hugo (ds JJ Vogel) en ds JGF Roelofse
- Natal: ds FJ Klopper (ds DSM Schoeman) en ds BJ van Dyk
- OVS: ds AJ Scherrer (dr PJ van Jaarsveld) en mnr PJB Coetzer
- Wes-Transvaal: ds JNJ van Rensburg (ds NWJ van Rensburg) en mnr R Pretorius
- Noord-Transvaal: dr JH Voges (dr MC Botha) en mnr JB Kruger
- Suid-Transvaal: oudl IJ de Villiers (ds A van Wyk) en ds DAR Venter
- Oos-Transvaal: ds CL Venter (ds MC de Bruyn) en ds HJ van der Schyff
- Namibië: ds MJN van der Merwe (mnr NC Tromp) en ds C Marais

4.3 Regte: dr CJP Niemandt (ST)

Taakspan:

- Aktuaris
- Wes-en-Suid-Kaap: dr JP Theron
- Oos-Kaap: dr S du Toit (ds AC van der Westhuizen)
- Noord-Kaap: ds FD Hugo (ds JJ Vogel)
- Natal: dr FJ van der Merwe (dr H Theunissen)
- OVS: ds HJ Kleynhans (dr MGW de Kock)
- Wes-Transvaal: ds JJ Louw (ds HJG Fourie)
- Noord-Transvaal: dr GJ Cloete (dr L Ungerer)
- Suid-Transvaal: ds JH Windell
- Oos-Transvaal: ds JH Wandrag (ds MF Prinsloo)
- Namibië: dr HS Grobler (dr GL Buys)

Teologiese Fakulteite: prof P Coertzen (Stellenbosch), dr PR du Toit (Pretoria) en prof PJ Strauss (Bloemfontein)

4.4 Argief-en-Inligtingsdienste: dr CJJ Froneman (argivaris) (Sek: ds JC Carstens)

Taakspan (op koste Kaapse en Transvaalse sinodes): dr CJJ Froneman (argivaris), dr AR Olivier en ds AH Minnaar (Kaapland), ds JC Carstens en dr JB Visser (Transvaal), prof P Coertzen (Teol Fak).

4.5 Media: ds HJ Linde

Taakspan: mnr AJ Basson (Nam), dr GJ Cloete (NT), ds LW Meyer (N), ds AJ Scherrer (OVS), prop HS Spies (Lux Verbi), ds A Pienaar (NT), twee mediakundiges (word later adviserend aangewys in die lig van behoeftes) en ds HJ Linde (Hoof Uitvoerende Direkteur Mediamaatskappy)

4.6 Leer en Aktuele Sake: dr BJ du Toit

Taakspan: dr Ben du Toit (PSD: WSK), prof PJ Naudé (OK), prof SA Strauss (OVS), dr A Cilliers (WT), dr JD Kirkpatrick (NT) en dr JJ Gerber (ampshalwe) (Sek: dr T Badenhorst WSK), 1 vrou.

4.7 Bybelvertaling, Bybelverklaring en Bybelverspreiding: prof HJB Combrink (Sek: prof JA du Rand)

Taakspan: Ou Testamentici = proff HL Bosman (US), DJ Human (UP) en SD Snyman (UV); Nuwe Testamentici = proff HJB Combrink (US - sameroeper), JG van der Watt (UP), HC van Zyl (UV); namens Bybelgenootskap SA = di GS Kritzingen en HJ Geyer; Vakkundiges = proff JA du Rand (RAU: Nuwe Testament), AB du Toit (UP: Nuwe Testament), JA Naudé (UV: Hebreus/Aramese/Vertaalkunde) en CHJ vd Merwe (US: Hebreus/Vertaalkunde)

4.8 Diensverhouding: dr GJ Cloete (NT)

Taakspan: dr GJ Cloete (Taakspan Regte), ds HJ van der Schyff (Taakspan Fondse) en dr JH Bisschoff (Taakspan Predikantebediening) plus 2 kundiges: mnr JP Joubert en prof L Backer.

4.9 Bedieningsfonds: verteenwoordiger word later aangewys

Taakspan: dr MJ Lazenby (sameroeper), dr JH Bisschoff, dr GJ Cloete en ds JV Cronjé.

4.10 Bedieningsbevoegdheid: ad hoc Samestelling verwys na die Algemene Diensgroep Leiers.

5. REËLINGS DIENSGROEPE EN TAAKSPANNE

5.1 Die befondsing van die onderskeie diensgroepe en taakspanne word verwys na die "bosberaad" DV in November 2004.

5.2 Die ADL kan, na goeddunke en volgens behoeftes, die samestelling van die diensgroepe en die taakspanne verander en/of name byvoeg/weglaat.

VERKIESING KERKRAADSLID-LEDE ADL - die Algemene Sinode besluit dat:

1. nominasies vir ouderlinge/diakens op die tweede dag van die sitting aangevra word;
2. 'n foto en verkorte CV aan die vergadering voorgelê word.

DANKIE - die Algemene Sinode spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor die volgende per-

sone, groepe en instansies wat elk 'n besondere bydrae gemaak het tot die flink verloop en groot sukses van hierdie vergadering:

1. AKTV-oord: me Karen Phipson en haar vriendelike personeel.
2. Notule: ds Bossie Minnaar en sy knap span.
3. Klank: ds Charl Stander en sy unieke span.
4. Multimedia: Erica Hoffmann - jy het kleur aan die vergadering gegee.
5. Logistiek: ds Quintus Heine - hy is 'n gawe van die Here.
6. Steunspan: Ester Steyn en haar wonderlike klomp rooi-voorskoot-helpers.
7. Plaaslike gemeente: ds Smuts van Rensburg en die gebedspan.
8. Sinodebode: ds Johann Symington en almal wat help dat ons die Sinode op papier en in beeld huis toe kan neem.
9. Media: Neels Jackson, Johannes de Villiers en Anastasia de Vries.
10. Fasiliteerders, Luisterspan, Beraders.
11. Tolke: Dawie Theron en Monty Sahd.
12. Chrisna van der Merwe by die dienstafel.
13. Al die uitstallers: Kerkmedia, CUM en Lux Verbi.
14. Gerhard Potgieter : finansiële bestuurder van die Algemene Sinodale Kerkkantoor.
15. Ontwerpspan: dr Chris van Wyk en sy kommissielede - julle het sinode-hou vir ons nuut en lekker gemaak!
16. Dagwydings: ds Hannes Theron en die musiekspan - julle het ons elke dag tot by die troon van die Here gebring!
17. Al die pragtige tieners en jongmense wat ons vandag verryk met hulle teenwoordigheid en insette.

NUWE MODERATUUR

- * Moderator: dr CW (Coenie) Burger – Wes-en-Suid-Kaapland
- * Assessor: prof PJ (Piet) Strauss – Oranje-Vrystaat
- * Aktuaris: dr CJJ (Nelus) Niemandt – Suid-Transvaal
- * Bykomende lid: ds EP (Elsje) Büchner – Oos-Transvaal
- * Skriba (ampshalwe): dr JJ (Kobus) Gerber

AFSLUITING

Die Sinode sluit af met 'n liturgiese aandprogram en die viering van die nagmaal.

HIERMEE IS AL DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE TWAALFDE ALGEMENE SINODE 2004 TE HARTENBOS AFGEHANDEL.

SOLI DEO GLORIA !